

JAARBOEK 2014

FAKULTEIT
GESONDHEIDSWETENSKAPPE
NAGRAADS

Potchefstroomkampus

Rig alle korrespondensie aan

Die Registrateur
Noordwes-Universiteit
Potchefstroomkampus
Privaatsak X6001
Potchefstroom
2520

Tel: (018)299-1111/2222

Faks: (018)299-2799

Internet: <http://www.nwu.ac.za>

U UNIVERSITEITSNOMMER MOET ASSEBLIEF IN ALLE KORRESPONDENSIE VERMELD WORD.

Die Algemene Akademiese Reëls van die Universiteit, waaraan alle studente hulle moet onderwerp en wat op al die kwalifikasies wat die Universiteit aanbied, van toepassing is, verskyn in 'n afsonderlike bundel op die web: <http://www.puk.ac.za/jaarboek/index.html>.

Let Wel: Ofskoon die inligting wat in hierdie Jaarboek opgeneem is so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Raad en die Senaat van die Universiteit hoegenaamd geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat hierin mag voorkom nie. In die besonder bly dit elke student se verantwoordelikheid om hom/haar deeglik te vergewis van die klasrooster en moontlike roosterbetsings voordat hy/sy finaal oor die keuse van modules besluit. Indien daar 'n botsing by 'n student se voorgenome keuse voorkom, is die betrokke kombinasie van modules ontoelaatbaar.

Inhoudsopgawe

G.1	FAKULTEITSREËLS	1
G.1.1	GESAG VAN DIE A-REËLS	1
G.1.2	FAKULTEITSPE-SIFIEKE REËLS	1
G.1.2.1	Algemene bepalings.....	1
G.1.3	WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT	10
G.1.4	KAPASITEITSBEPALINGS	10
G.1.5	STRUKTURE IN DIE FAKULTEIT	11
G.1.6	KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS	13
G.1.7	REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS ARTIUM	18
G.1.7.1	Duur (minimum en maksimum duur).....	18
G.1.7.2	Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie	18
G.1.7.3	Fakulteitspesifieke toelatingsvereistes.....	18
G.1.7.4	Program: Rekreasiekunde.....	18
G.1.7.5	Program: Biokinetika	19
G.1.7.6	Program: Kinderkinetika	20
G.1.7.7	Program: Sportwetenskap.....	21
G.1.7.8	Program: Psigologie.....	22
G.1.8	REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS SCIENTIAE	24
G.1.8.1	Duur (minimum en maksimum duur).....	24
G.1.8.2	Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie	24
G.1.8.3	Fakulteitspesifieke toelatingsvereistes.....	24
G.1.8.4	Program: Biokinetika	24
G.1.8.5	Program: Kinderkinetika	25
G.1.8.6	Program: Sportwetenskap.....	26
G.1.8.7	Program: Fisiologie	27
G.1.8.8	Program: Voeding	28
G.1.8.9	Program: Psigologie.....	31
G.1.9	RULES FOR THE DEGREE HONOURS BACCALAUREUS SCIENTIAE IN PHARMACOLOGY – OPEN DISTANCE LEARNING / DISTANCE	32
G.1.9.1	Duration (minimum and maximum).....	32
G.1.9.2	General admission requirements.....	33
G.1.9.3	Programme Pharmacology.....	33
G.1.10	RULES FOR THE DEGREE HONOURS BACCALAUREUS PHARMACIAE	35

G.1.10.1	Duration (minimum and maximum).....	35
G.1.10.2	General admission requirements of the qualification.....	35
G.1.10.3	Programme: Pharmacy	35
G.1.11	REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS IN VERBRUIKERSWETENSAPPE.....	38
G.1.11.1	Duur (minimum en maksimum.....)	38
G.1.11.2	Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie	38
G.1.11.3	Program : Verbruikerswetenskappe	38
G.1.12	REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER ARTIUM	40
G.1.12.1	Duur (minimum en maksimum duur).....	40
G.1.12.2	Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie	40
G.1.12.3	Program: Rekreasiekunde.....	41
G.1.12.4	Program: Biokinetika	42
G.1.12.5	Program: Kinderkinetika	43
G.1.12.6	Program: Sportwetenskap.....	44
G.1.12.7	Program: Psigologie.....	45
G.1.12.8	Program: Positiewe Psigologie.....	46
G.1.12.9	Program: Kliniese Psigologie.....	48
G.1.12.10	Program: Voorligtingpsigologie.....	49
G.1.12.11	Program: Navorsingpsigologie	51
G.1.13	REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER SCIENTIAE	53
G.1.13.1	Duur (minimum en maksimum duur).....	53
G.1.13.2	Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie	53
G.1.13.3	Program: Biokinetika	53
G.1.13.4	Program: Kinderkinetika	54
G.1.13.5	Program: Sportwetenskap.....	55
G.1.13.6	Program: Farmaseutiese Chemie.....	56
G.1.13.7	Program: Farmakologie.....	58
G.1.13.8	Program: Farmaseutika.....	59
G.1.13.9	Program: Beroepshigiëne.....	61
G.1.13.10	Program: Voeding	62
G.1.13.11	Program: Dieetkunde	64
G.1.13.12	Program: Fisiologie	65
G.1.13.13	Program: Kliniese Psigologie.....	66
G.1.13.14	Program: Voorligtingpsigologie.....	68
G.1.13.15	Program: Navorsingpsigologie	70
G.1.14	REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER PHARMACIAE	71
G.1.14.1	Duur (minimum en maksimum duur).....	72

G.1.14.2	Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie	72
G.1.14.3	Program: Farnasiepraktyk	72
G.1.14.4	Program: Gevorderde Kliniese Farnasie.....	74
G.1.15	REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER VERBRUIKERS- WETENSKAPPE	76
G.1.15.1	Duur (minimum en maksimum duur).....	76
G.1.15.2	Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie	76
G.1.15.3	Program: Verbruikerswetenskappe	76
G.1.16	REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER IN MAATSKAPLIKE WERK.....	78
G.1.16.1	Duur (minimum en maksimum duur).....	79
G.1.16.2	Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie	79
G.1.16.3	Maatskaplike werk programme.....	79
G.1.16.4	Gemeenskaplike uitkomste vir die Maatskaplike Werk programme.....	79
G.1.16.5	Program: Maatskaplike Werk	80
G.1.16.6	Program: Kinderbeskerming.....	81
G.1.16.7	Program: Forensiese Praktyk	83
G.1.16.8	Program: Spel terapie	85
G.1.17	REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER CURATIONIS	86
G.1.17.1	Duur (minimum en maksimum duur).....	86
G.1.17.2	Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie	86
G.1.17.3	Gemeenskaplike uitkomste	87
G.1.17.4	Program : Navorsingsmeestersgraad (Verhandeling)	87
G.1.17.5	Program: Gestruktureerde Meestersgraad (Skripsie).....	91
G.1.18	REËLS VIR DIE GRAAD PHILOSOPHIAE DOCTOR.....	95
G.1.18.1	Duur (minimum en maksimum duur).....	95
G.1.18.2	Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie	95
G.1.18.3	Program: Menslike Bewegingskunde.....	95
G.1.18.4	Program: Rekreasiekunde.....	96
G.1.18.5	Program: Farmaseutiese Chemie	97
G.1.18.6	Program: Farmaseutika	99
G.1.18.7	Program: Farmakologie.....	100
G.1.18.8	Program: Farnasiepraktyk	102
G.1.18.9	Program: Beroepshigiëne.....	103
G.1.18.10	Program: Dieetkunde	104
G.1.18.11	Program: Fisiologie	105
G.1.18.12	Program: Verbruikerswetenskappe	107
G.1.18.13	Program: Voeding	108
G.1.18.14	Program: Maatskaplike Werk	109

G.1.18.15	Program: Psigologie	110
G.1.18.16	Program: Verpleegkunde	111
G.1.19	RULES FOR THE POST-GRADUATE DIPLOMA IN MIDWIFERY AND NEONATAL NURSING SCIENCE.....	113
G.1.19.1	Duration of study	114
G.1.19.2	Admission requirements.....	114
G.1.19.3	Programme and qualification code	114
G.1.20	RULES FOR THE ADVANCED UNIVERSITY DIPLOMA IN HEALTH SCIENCE (OPEN DISTANCE LEARNING)	115
G.1.20.1	Modules and credits	115
G.1.20.2	Ratio between credits and teaching periods	115
G.1.20.3	Recognition of prior learning.....	115
G.1.20.4	Registration.....	115
G.1.20.5	Duration of the study	116
G.1.20.6	List of modules.....	116
G.1.20.7	Programme : Advanced University Diploma In Health Science (One Year).....	116
G.1.21	RULES FOR THE POST GRADUATE DIPLOMA IN PHARMACOLOGICAL PRINCIPLES OF DRUG THERAPY	121
G.1.21.1	Duration of study	121
G.1.21.2	Admission requirements.....	122
G.1.21.3	Programme and qualification code	122
G.1.21.4	Curriculum: Pharmacological Principles of Drug Therapy (G501P).....	122
G.2	MODULE UITKOMSTE (ALFABETIES)	124
G.2.1	HONNEURSGRADE.....	124
G.2.2	MAGISTERGRADE	157
G.2.3	DOKTORSGRADE	184
G.2.4	NAGRAADSE DIPLOMAS	190
G.2.5	BYKOMENDE MODULES UIT ANDER FAKULTEITE	201
G.3	MODULELYS	203
G.3.1	MODULES IN ANDER FAKULTEITE	209

FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE

Ampsdraers

DEKAAN

Prof AF Kotzé, BPharm (PU vir CHO), MSc (Farmaseutika) (PU vir CHO), PhD (Farmaseutika) (PU vir CHO).

ADMINISTRATIEWE BESTUURDER

Mev C Postma, BA (PU vir CHO), Hons BA (PU vir CHO), MA (PU vir CHO).

SENTRUM VIR FARMASEUTIESE EN BIOMEDIESE DIENSTE

Hoof: Prof B Boneschans, BSc (Pharm) (PU vir CHO), MSc (Farmaseutika en Farmaseutiese Chemie) (PU vir CHO), DSc (Farmaseutika) (PU vir CHO).

Navorsingsinstituut vir Industriële Farmasie ingelyf Sentrum vir Kwaliteitsversekering van Medisyne (NIIF/CENQAM)

Operasionele hoof: Dr E Swanepoel, BPharm (PU vir CHO), MSc (Farmaseutika) (PU vir CHO), PhD (Farmaseutika) (PU vir CHO).

DST/NWU PREKLINIESE GENEESMIDDELONTWIKKELING PLATFORM (PDDP)

Direkteur: Prof AF Grobler, BSc (PU vir CHO), Hons BSc (Biochemie) (PU vir CHO), MSc (Mediese Biochemie) (US), PhD (Farmaseutika) (NWU).

VIVARIUM

Hoof: Mnr CJJ Bester, National Diploma in Laboratory Animal Technology, Senior Primary Education Diploma (POK), Higher Education Diploma (POK).

SENTRUM VIR KINDER-, JEUG- EN FAMILIESTUDIES

Hoof: Prof CHM Bloem, BSW (Social Work) (UP), BSW Hons (Industrial Sociology) (UP), MSW (Social Work) (UP), DPhil (Social Work) (UP).

EENHEID VIR OOPAFSTANDSONDERRIGLEER (EOAL)

Akademiese Koördineerder: Dr P Bester, BCur (PU vir CHO), MCur (Psigiatriese Gemeenskapsverpleegkunde) (PU vir CHO), Advanced University Diploma in Health Service Management and Education (NWU), PhD (Verpleegkunde) (NWU).

NAVORSINGSENTITEITE

Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding (CEN)

Direkteur: Prof JC Jerling, BSc (US), Hons Bsc (PU vir CHO), MSc (PU vir CHO), PhD (PU vir CHO).

Sentrum van Uitnemendheid vir Farmaseutiese Wetenskappe (PHARMACEN)

Direkteur: Prof J du Plessis, BPharm (PU vir CHO), MSc (PU vir CHO), PhD (PU vir CHO), Diploma in Tertiary Education (PU vir CHO).

Navorsingseenheid: Die Afrika Eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing (AUTHeR)

Direkteur: Prof A Kruger, B Soc Sc (Verpl) (UOVS), Hons B Soc Sci (Verpl) (UOVS), M Soc Sc (Verpl) (UOVS), PhD (PU vir CHO).

Fokusarea: Hipertensie in Afrika Navorsingspan (HART)

Direkteur: Prof AE Schutte, BSc (PU vir CHO), Hons BSc (PU vir CHO), MSc (PU vir CHO), PhD (PU vir CHO).

Fokusarea: Fisieke aktiwiteit, Sport en Rekreasie (FASRek)

Direkteur: Prof SJ Moss, BSc (PU vir CHO), Hons BSc (Biochemie) (PU vir CHO), Hons BSc (Biokinetika) (PU vir CHO), MSc (Biochemie) (PU vir CHO), PhD (PU vir CHO), MBA (NWU).

Fokusarea: Kwaliteit in Verpleging en Vroedvrouorg (INSINQ)

Direkteur: Dr CS Minnie, B Art et Scien (Verpleegkunde) (PU vir CHO), Hons BA (Psigologie) (PU vir CHO), MCur (Obstetrie en Neonatale Verpleegkunde) (PU vir CHO), PhD (NWU).

Nisarea: Medisyneverbruik in Suid-Arika (MUSA)

Nisarealeier: Prof MS Lubbe, BPharm (PU vir CHO), MPharm (Farmasiepraktyk) (PU vir CHO), PhD (PU vir CHO), Diploma in Tersiere Onderwys (PU vir CHO).

SKOOL VIR BIOKINETIKA, REKREASIE EN SPORTWETENSKAP

Direkteur: Prof JH de Ridder, BA (PU vir CHO), HOD (PU vir CHO), Hons BA (PU vir CHO), MA (PU vir CHO), PhD (PU vir CHO).

Instituut vir Biokinetika

Hoof: Prof CJ Wilders, BJur (PU vir CHO), BA (PU vir CHO), Hons BA (PU vir CHO), MA (PU vir CHO), PhD (PU vir CHO).

Instituut vir Sportwetenskap en Ontwikkeling

Hoof: Dr Y Willemsse, BA (PU vir CHO), Hons BA (PU vir CHO), MA (PU vir CHO), PhD (NWU).

Programleiers

Menslike Bewegingskunde & Akademiese Programbestuurder

Prof DDJ Malan, BSc (PU vir CHO), Hons BSc (PU vir CHO), MSc (PU vir CHO), DSc (PU vir CHO).

Rekreasiekunde:

Mnr JT Weilbach, BCom (PU vir CHO), Hons BA (PU vir CHO), MA (NWU).

Diploma in Sportkunde:

Mnr PH van den Berg, BA (PU vir CHO), HOD (PU vir CHO), Hons BA (PU vir CHO), MA (NWU).

Vakgroepvoorsitters

Biokinetika:

Prof CJ Wilders, BJur (PU vir CHO), BA (PU vir CHO), Hons BA (PU vir CHO), MA (PU vir CHO), PhD (PU vir CHO).

Kinderkinetika:

Prof AE Pienaar, BA (PU vir CHO), HOD (PU vir CHO), Hons BA (PU vir CHO), MA (PU vir CHO), PhD (PU vir CHO).

Sportwetenskap:

Dr B Coetzee, BSc (PU vir CHO), Hons BSc (PU vir CHO), MSc (PU vir CHO), PhD (NWU).

SKOOL VIR FARMASIE

Direkteur: Prof S van Dyk, B Pharm (PU vir CHO), MSc (Farmaseutiese Chemie) (PU vir CHO), PhD (Farmaseutiese Chemie) (PU vir CHO).

Programleiers

Farmasie (voorgaads):

Prof AF Marais, BPharm (PU vir CHO), MSc (Farmaseutika) (PU vir CHO), PhD (Farmaseutika) (PU vir CHO).

Program vir Voortgesette Professionele Opleiding:

Mev H Hamman, BPharm (PU vir CHO), MSc (Farmaseutika) (PU vir CHO)

Vakgroepvoorsitters

Farmakologie:

Prof L Brand, BPharm (PU vir CHO), MSc (Farmakologie) (PU vir CHO), PhD (PU vir CHO).

Farmaseutika:

Dr JH Steenekamp, BPharm (PU vir CHO), MSc (Farmaseutika) (PU vir CHO), PhD (Farmaseutika) (NWU).

Farmaseutiese Chemie:

Prof JP Petzer, BPharm (PU vir CHO), MSc (Farmaseutiese Chemie) (PU vir CHO), PhD (PU vir CHO).

Farmasiepraktyk:

Mnr WD Basson, BSc (PU vir CHO), Hons BSc (Fisiologie) (PU vir CHO), BPharm (PU vir CHO), MPharm (Farmasiepraktyk) (PU vir CHO).

Kliniese Farmasie:

Mnr LN Scheepers, BPharm (PU vir CHO), MSc (Kliniese Farmasie) (MEDUNSA).

SKOOL VIR FISILOGIE, VOEDING EN VERBRUIKERSWETENSAPPE

Direkteur: : Prof SM Hanekom, BSc (PU vir CHO), Nagr Dipl Dieet (UOVS), Hons BSc (PU vir CHO), MSc (PU vir CHO), PhD (PU vir CHO).

Programleiers

Dieetkunde:

Prof E Wentzel-Viljoen, BSc (Dieetkunde) (PU vir CHO), BSc Hons (Dieetkunde) (PU vir CHO), Diploma in Hospital Dietetics (US), Management Development Programme (Inst for Applied Management Sciences, US), PhD (Dieetkunde) (PU vir CHO).

Voedingkunde:

Dr AE van Graan, B Nutrition (US), MSc (Nutrition Management) (UWC), PhD (Nutrition) (NWU).

Beroepshigiëne:

Prof FC Eloff, BSc (PU vir CHO), Hons BSc (Fisiologie) (PU vir CHO), Hons BSc (Industriële Fisiologie) (PU vir CHO), MSc (Fisiologie) (PU vir CHO), DSc (Fisiologie) (PU vir CHO).

Vakgroepvoorsitters

Fisiologie:

Prof JM van Rooyen, BSc (PU vir CHO), Hons BSc (Bedryfsfisiologie), MSc (PU vir CHO), DSc (PU vir CHO).

Verbruikerswetenskappe:

Dr H van Staden, BSc Huishoudkunde (Ed) (PU vir CHO), BEd (PU vir CHO), M Tech (Mode) (VUT), PhD (Verbruikerswetenskappe) (NWU).

Voeding:

Dr HH Wright, BSc (PU vir CHO), Nagr Dipl Dieet (UP), Hons BSc (PU vir CHO), MSc (PU vir CHO), PhD (NWU).

SKOOL VIR PSIGOSOSIALE GEDRAGSWETENSAPPE

Waarnemende Direkteur: Prof AG Herbst, BA (MW) (UP), MA (MW) (UP), PhD (PU vir CHE).

Instituut vir Psigoterapie en Voorligting

Hoof: Prof P Kruger

Vakgroepvoorsitters

Psigologie:

Dr AW Nienaber, BSc (PU vir CHO), Hons BSc (PU vir CHO), MSc (Voorligtingspsigologie) (PU vir CHO), PhD (NWU).

Maatskaplike Werk:

Prof AG Herbst, BA (MW) (UP), MA (MW) (UP), PhD (PU vir CHO).

SKOOL VIR VERPLEEGKUNDE

Direkteur: Prof MP Koen, BA Cur (Unisa), MCur (Professionele Verpleegkunde) (RAU), MA (Gevorderde Psigiatriese Verpleegkunde) (PU vir CHO), PhD (Verpleegkunde) (RAU).

Programmeleiers

BCur-program: Dr A du Preez, B Soc Sc (Verpleegkunde) (UV), Hons B Soc Sc (Verpleegkunde) (UV), BA (Nursing Administration & Education), Diploma in Advanced Midwifery & Neonatological Nursing Science, MCur (Midwifery & Neonatological Nursing Science), PhD (Verpleegkunde) (NWU).

Gedoseerde Nagraadse programme: Dr E du Plessis, Diploma in Nursing Education, Certificate in Parish Nursing, MA (Psigiatriese Gemeenskapsverpleegkunde) (NWU), PhD (Verpleegkunde) (NWU).

Afstandsonderrigleerprogramme: Me E Bornman, BA Cur (Nursing Education, Nursing Management) (UNISA), Diploma Clinical Nursing Science, Assessment Treatment and Care (UOFS), MCur (Professional Nursing Science) (NWU).

DAGBESTUUR : FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE

Voorsitter: Prof AF Kotzé (Dekaan)

Ondervoorsitter: Prof J du Plessis

Sekretariaat: Mev S Lindeque (Senior Administratiewe Beampte)

Boneschans, B (Prof)

De Ridder, JH (Prof)

Grobler, AF (Prof)

Hanekom, SM (Prof)

Jerling, JC (Prof)

Koen, MP (Prof)

Kruger, A (Prof)

Lubbe, MS (Prof)

Bloem, CHM (Prof)

Minnie, CS (Dr)

Moss, SJ (Prof)

Schutte, AE (Prof)

Temane, QM (Prof)

Van Dyk, S (Prof)

Mev C Postma (Administratiewe Bestuurder)

FAKULTEITSRAAD VAN DIE FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE

Tel x99	Naam	Posvlak
Kantoor van die Dekaan		
2223	1. Prof AF (Awie) Kotzé	Dekaan (Voorsitter)
2221	2. Mev C (Corrie) Postma	Administratiewe Bestuurder
Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap		
1791	3. Prof JH (Hans) de Ridder	Direkteur & Professor
1795	4. Prof DDJ (Dawie) Malan	Professor (Menslike Bewegingskunde)
1790	5. Prof MA (Andries) Monyeki	Professor (Menslike Bewegingskunde)
1796	6. Prof AE (Anita) Pienaar	Professor (Kinderkinetika)
1801	7. Prof CJ (Cilas) Wilders	Professor (Biokinetika)
2282	8. Dr M (Mariëtte) Swanepoel	Senior Lektor (Biokinetika)
2034	9. Me E (Erna) Bruwer	Lektor (Menslike Bewegingskunde)
1797	10. Me W (Wilmarië) du Plessis	Lektor (Kinderkinetika)
2038	11. Me N (Natasha) Peters	Lektor (Rekreasiekunde)
4284	12. Mev C (Cindy) Pienaar	Lektor (Sportwetenskap)
1802	13. Mnr PH (Pieter) van den Berg	Lektor (Dipl Sportkunde)
2037	14. Mnr JT (Theron) Weilbach	Lektor (Rekreasiekunde)
1811	15. Dr Y (Yolandi) Willemse	Senior Vakkundige (Sportwetenskap)
Skool vir Farmasie		
2267	16. Prof S (Sandra) van Dyk	Direkteur & Medeprofessor
2234	17. Prof CB (Tiaan) Brink	Professor (Farmakologie)
2249	18. Prof PJ (Pieter) Milne	Professor (Farmaseutiese Chemie)
2271	19. Prof DW (Douglas) Oliver	Professor (Farmakologie)
2233	20. Prof L (Linda) Brand	Medeprofessor (Farmakologie)
4246	21. Prof LH (Lissinda) du Plessis	Medeprofessor (Farmaseutika)
2276	22. Prof AF (Dries) Marais	Medeprofessor (Farmaseutika)
2206	23. Prof JP (Jacques) Petzer	Medeprofessor (Farmaseutiese Chemie)
2275	24. Prof JC (Anita) Wessels	Medeprofessor (Farmaseutiese Chemie)
2255	25. Mnr WD (Willem) Basson	Senior Lektor (Farmasiepraktyk)
2285	26. Dr JR (Johanita) Burger	Senior Lektor (Farmasiepraktyk)
2204	27. Dr JM (Jesslee) du Plessis	Senior Lektor (Kliniese Farmasie)
4073	28. Mev JH (Hannlie) Hamman	Senior Lektor (Voortgesette Professionele Onderrig)
2239	29. Mev I (Irma) Kotzé	Senior Lektor

Tel x99	Naam	Posvlak
2254	30. Dr JC (Johan) Lamprecht	Senior Lektor (Kliniese Farmasie)
2364	31. Dr DM (Dorcas) Rakumakoe	Senior Lektor (Kliniese Farmasie)
2183	32. Mnr LN (Nico) Scheepers	Senior Lektor (Kliniese Farmasie)
2277	33. Dr MM (Maides) Malan	Senior Lektor (Farmaseutika)
2276	34. Dr JH (Jan) Steenekamp	Senior Lektor (Farmaseutika)
2273	35. Dr JM (Joe) Viljoen	Senior Lektor (Farmaseutika)
2272	36. Mev MA (Mariëtta) Fourie	Lektor (Farmaseutika)
2230	37. Mnr PdeW (Dewet) Wolmarans	Lektor (Farmakologie)
2322	38. Dr M (Marius) Brits	Spesialisvakkundige (NIIF)
Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe		
2027	39. Prof SM (Grieta) Hanekom	Direkteur & Medeprofessor
2439	40. Prof HW (Hugo) Huisman	Professor (Fisiologie)
2482	41. Prof HS (Salome) Kruger	Professor (Voeding)
2438	42. Prof L (Leone) Malan	Professor (Fisiologie)
4670	43. Prof M (Marius) Smuts	Professor (Voeding)
2440	44. Prof JM (Johannes) van Rooyen	Professor (Fisiologie)
2467	45. Prof E (Edelweiss) Wentzel-Viljoen	Professor (Voeding)
2434	46. Prof JL (Johan) du Plessis	Medeprofessor (Fisiologie)
2435	47. Prof R (Rudolph) Schutte	Medeprofessor (Fisiologie)
2476	48. Prof M (Daleen) van der Merwe	Medeprofessor (Verbruikerswetenskappe)
4011	49. Dr NM (Namukolo) Covic	Senior Lektor (Voeding)
4283	50. Dr CMT (Carla) Fourie	Senior Lektor (Fisiologie)
2467	51. Dr AE (Averalda) van Graan	Senior Lektor (Voeding)
4669	52. Dr HH (Hattie) Wright	Senior Lektor (Voeding)
4011	53. Dr RC (Robin) Dolman	Lektor (Voeding)
2083	54. Mev N (Neoline) le Roux	Lektor (Verbruikerswetenskappe)
2474	55. Me A (Annchen) Miemann	Lektor (Verbruikerswetenskappe)
2084	56. Dr H (Hanlie) van Staden	Lektor (Verbruikerswetenskappe)
Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe		
4079	57. Vacant	Direkteur
1677	58. Prof H (Herman) Strydom	Professor (Maatskaplike Werk)
1681	59. Prof ML (Mike) Weyers	Professor (Maatskaplike Werk)
1735	60. Prof KFH (Karel) Botha	Medeprofessor (Psigologie)
1675	61. Prof AG (Alida) Herbst	Medeprofessor (Maatskaplike Werk)
1726	62. Prof JC (Johan) Potgieter	Medeprofessor (Psigologie)

Tel x99	Naam	Posvlak
1679	63. Prof P (Pedro) Rankin	Medeprofessor (Maatskaplike Werk)
1727	64. Prof E (Esmé) van Rensburg	Medeprofessor (Psigologie)
1687	65. Prof EH (Elma) Ryke	Medeprofessor (Maatskaplike Werk)
1683	66. Prof CC (Cornelia) Wessels	Medeprofessor (Maatskaplike Werk)
1731	67. Dr AW (Alida) Nienaber	Senior Lektor (Psigologie)
1684	68. Dr MM (Marie) Steyn	Senior Lektor (Maatskaplike Werk)
Skool vir Verpleegkunde		
1889	69. Prof MP (Daleen) Koen	Direkteur & Professor
1884	70. Dr E (Emmerentia) du Plessis	Senior Lektor
1837	71. Dr A (Antoinette) du Preez	Senior Lektor
1853	72. Dr R (Ronel) Pretorius	Senior Lektor
Sentrum: Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding (CEN)		
2481	73. Prof JC (Johann) Jerling	Direkteur & Professor
4668	74. Prof M (Marlien) Pieters	Medeprofessor
2480	75. Dr K (Karin) Conradie	Senior Lektor
Sentrum van Uitnemendheid vir Farmaseutiese Wetenskappe (PHARMACEN)		
2274	76. Prof J (Jeanetta) du Plessis	Direkteur & Professor
2238	77. Prof BH (Brian) Harvey	Professor
4467	78. Prof W (Wilna) Liebenberg	Professor
4035	79. Prof SH (Sias) Hamman	Navorsingsprofessor
Navorsingseenheid: Afrika Eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing (AUTHeR)		
4037	80. Prof A (Annamarie) Kruger	Direkteur & Professor
1901	81. Prof M (Minrie) Greeff	Professor
1725	82. Prof V (Vera) Roos	Professor (Psigologie)
Fokusarea: Hipertensie in Afrika Navorsingspan (HART)		
2444	83. Prof AE (Alta) Schutte	Direkteur & Professor
2053	84. Dr W (Wayne) Smith	Senior Lektor
1983	85. Dr C (Carina) Mels	Senior Lektor
Fokusarea: Fisieke Aktiwiteit, Sport en Rekreasie (FASRek)		
1821	86. Prof SJ (Hanlie) Moss	Direkteur & Medeprofessor
Fokusarea: Kwaliteit in Verpleging en Voedvrouorg (INSINQ)		
1836	87. Dr CS (Karin) Minnie	Direkteur & Senior Lektor
Nisarea: Medisyneverbruik in Suid-Afrika (MUSA)		
2288	88. Prof MS (Martie) Lubbe	Nisarealeier & Professor

Sentrum vir Kinder-, Jeug- en Familiestudies (SKJF)		
	89. Prof CHM (Retha) Bloem	Hoof & Medeprofessor
Sentrum vir Farmaseutiese en Biomediese Dienste (SFBD)		
2280	90. Prof B (Banie) Boneschans	Hoof & Professor
2325	91. Dr E (Erna) Swanepoel	Hoof: NIIF/CENQAM (Spesialisvakkundige)
DST/NWU Prekliniese Geneesmiddelontwikkeling Platform (PDDP)		
4467	92. Prof AF (Anne) Grobler	Direkteur & Professor
Vivarium		
2102	93. Mnr CJJ (Cor) Bester	Hoof
Studenteverteenvoording		
Verteenwoordigers van ander fakulteite / entiteite		
2306	94. Prof FH (Francois) van der Westhuizen	Natuurwetenskappe
1367	95. Dr A (Alewyn) Nel	Ekonomiese en Bestuurswet.
1627	96. Prof SJ (Johann) Zaaiman	Lettere en Wysbegeerte
1591	97. Prof FW (Fritz) de Wet	Teologie
1729	98. Dr P (Petra) Bester	Eenheid vir Oopafstandsonderrigleer (EOAL): Akademiese Koördineerder

G.1 FAKULTEITSREËLS

G.1.1 GESAG VAN DIE A-REËLS

Die fakulteitsreëls, wat ten aansien van die verskillende kwalifikasies, programme en kurrikulums van hierdie fakulteit geld, is onderhewig aan die Algemene Reëls en bepalings van die Universiteit, soos dit van tyd tot tyd deur die Raad van die Universiteit op aanbeveling van die Senaat vasgestel word, en moet dus met daardie Algemene Reëls saamgelees word.

G.1.2 FAKULTEITSPESIFIEKE REËLS

Fakulteitsreëls ten opsigte van die verskillende programme wat in hierdie Fakulteit aangebied word, word in die taal waarin die program aangebied word, weergegee. Waar 'n program in sowel Afrikaans en Engels aangebied word, word die reëls ook in albei tale weergegee.

Adisionele vereistes en/of fakulteitsreëls met betrekking tot die verskillende programme wat aangebied word, word by die bepaalde program uiteengesit.

G.1.2.1 Algemene bepalings

Die volgende bepalings geld vir nagraadse studente :

G.1.2.1.1 Aansoek om toelating

- a) 'n Voornemende nagraadse student doen aansoek om toelating tot die Universiteit deur die voorgeskrewe aansoekvorm in gedrukte vorm of elektronies te voltooi en by die Toelatingskantoor in te dien saam met die voorgeskrewe aansoekdokumentasie, aansoek- en keuringsgelde (waar van toepassing), of bewys dat dit betaal is.
- b) Geen aansoek om toelating word aanvaar tensy die aansoeker, benewens die algemene toelatingsvereistes van die Universiteit, ook aan fakulteitspesifieke vereistes soos van toepassing voldoen nie.
- c) 'n Voornemende nagraadse student is slegs toegelaat tot die Universiteit en tot 'n bepaalde kwalifikasieprogram in hierdie fakulteit sodra amptelike bevestiging per aanvaardingsbrief vanuit die Toelatingskantoor uitgereik is.

G.1.2.1.2 Keuring

- a) Die Fakulteit behou die reg voor om kandidate voor toelating tot bepaalde studierigtings te keur en aansoekers wat nie aan die keuringsmaatstawwe voldoen nie, selfs waar sulke aansoekers aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, nie tot die betrokke kwalifikasieprogramme toe te laat nie. Waar 'n studentenommer in so 'n geval aan 'n aansoeker toegeken word, is dit bloot vir administratiewe doeleindes, en maak dit nie 'n reg op toelating uit nie.
- b) Keuring- en seleksieprosesse word deur fakulteitstrukture goedgekeur en word jaarliks hersien. Keuring en seleksie sal volgens bepaalde tydskedules, soos in hierdie jaarboek aangedui, plaasvind.

G.1.2.1.3 Jaarlikse registrasie

- a) Geen persoon word as 'n student geregistreer alvorens sodanige persoon tot 'n spesifieke nagraadse kwalifikasieprogram in die Fakulteit of vir niegraaddoeleindes toegelaat is nie.

- b) 'n Student wat tot die Universiteit toegelaat is vir 'n bepaalde nagraadse kwalifikasieprogram in hierdie Fakulteit moet tydens die bepaalde registrasieydgleuf wat daarvoor toegestaan is, registreer deur vooraf die voorgeskrewe registrasiegelde te betaal, die registrasievorm in gedrukte of elektroniese formaat te voltooi, die nodige goedkeuring van studieleiers/promotors te kry en dit by die betrokke afdeling in te dien. Laasgenoemde geld ook vir die herregistrasie van bestaande nagraadse studente. Indien 'n voornemende nagraadse student na toelating nie op die vasgestelde periode in die betrokke akademiese jaar soos deur die Universiteit bepaal, registreer nie, moet hy/sy opnuut aansoek doen om toelating.
- c) Meesters en doktorsale studente in hierdie Fakulteit wat jaarliks nie teen 31 Maart geregistreer het nie, moet skriftelik by die Dekaan aansoek doen om laat registrasie. Laat registrasies sal slegs toegestaan word tot en met 31 Mei en is onderhewig aan finansiële heffings soos deur die Senaat bepaal.
- d) 'n Nagraadse student wat in gebreke bly om vir 'n bepaalde akademiese jaar te herregistreer moet by die Dekaan aansoek doen om voortsetting van die studie. Die student sal verantwoordelik wees om uitstaande finansiële verpligtinge na te kom ten opsigte van die voorafgaande studiejaar(e).

G.1.2.1.4 Duur van registrasie

- a) 'n Nagraadse student wat tot die Universiteit toegelaat is en geregistreer is, bly 'n student van die Universiteit vir so lank as wat die registrasie geldig is of totdat die student se registrasie deur die student self of deur die Fakulteit op 'n geldige wyse beëindig is.

G.1.2.1.5 Wysiging of kansellering van registrasie

- a) 'n Nagraadse student se registrasie kan op aansoek en slegs op die voorgeskrewe wyse en binne die tydperk wat jaarliks in die amptelike rooster van die Universiteit daarvoor bepaal word, gewysig of gekanselleer word. Die Fakulteit kan 'n student se registrasie vir 'n bepaalde module kanselleer waar sodanige registrasie in stryd met fakulteitsreëls gedoen is.
- b) Nagraadse studente wat universiteitsbeurse ontvang het, sal na kansellering van terminering van studie aanspreeklik wees vir terugbetaling daarvan.

G.1.2.1.6 Foutiewe registrasie

- a) Die Universiteit behou die reg voor om enige foutiewe registrasie te kanselleer en om 'n kwalifikasie wat verkeerdlik toegeken is, nadat 'n dissiplinêre prosedure gevolg is of 'n deeglike administratiewe ondersoek gedoen is, terug te trek.

G.1.2.1.7 Vrystelling van registrasie

- a) 'n Nagraadse student wat nog 'n eksamen in enige vraestel moet aflê of verbeterings aan 'n geëksamineerde Skripsie/verhandeling/proefskrif moet aanbring en by die herfsgradeplegtigheid die kwalifikasie kan verwerf, **registreer nie** vir die nuwe akademiese jaar nie, **mits die eksamen teen einde Januarie van die nuwe jaar suksesvol voltooi is** of die verbeterings teen die einde van Januarie van die nuwe jaar afgehandel is.

G.1.2.1.8 Gelyktydige registrasie aan meer as een instelling

- a) 'n Nagraadse student mag nie gelyktydig aan hierdie Universiteit en 'n ander hoëronderwysinstelling geregistreer wees sonder die skriftelike toestemming van die betrokke kampusregistrator, verleen op aanbeveling van die Dekaan en met instemming van die ander instelling nie.

G.1.2.1.9 Gelyktydige registrasie vir meer as een kwalifikasie

- a) 'n Nagraadse student mag nie gelyktydig vir meer as een kwalifikasie binne hierdie Universiteit geregistreer wees sonder voorafverkreë skriftelike toestemming van die kampusregistrator, verleen op aanbeveling van die Dekaan of dekane nie.

G.1.2.1.10 Gebruik van die Universiteit se fasiliteite deur geregistreerde studente

- a) Behoudens spesifieke uitsonderings soos toegestaan deur die kampusregistrator is slegs geregistreerde nagraadse studente daarop geregtig om die Universiteit se fasiliteite te gebruik.

G.1.2.1.11 Onderwerping aan reëls en besluite

- a) Deur ondertekening en indiening van die aansoek- en registrasievorms, hetsy in gedrukte vorm of elektronies, bevestig 'n nagraadse student dat alle reëls, beleide en besluite van die Universiteit vir die duur van die student se studie aan die Universiteit as bindend aanvaar word.

G.1.2.1.12 Hertoelating ná onderbreking van studie

- a) Waar 'n nagraadse student se studie vir 'n jaar onderbreek is **met voorafverkreë toestemming van die Dekaan**, moet sodanige student opnuut aansoek doen om toelating deur die betrokke aansoekvorm te voltooi en skriftelike toestemming tot hertoelating te verkry. 'n Student se studie sal as gestaak beskou word indien sodanige student na afloop van die jaar van onderbreking, nie teen die vasgestelde registrasiedatum geregistreer het nie.
- b) Onderbreking van meesters- en doktorsale studie word slegs in hoogs uitsonderlike gevalle toegestaan en versoeke moet vergesel word van ondersteunende dokumentasie ter motivering van die versoek. Aansoek om onderbreking van studie sal slegs vir een akademiese jaar goedgekeur word. Studente kan nie aanspraak maak op hertoelating indien die entiteit kapasiteitsbeperkings ondervind nie.

G.1.2.1.13 Verlenging van studietydperk

- a) Die minimum en maksimum duur van studie soos in hierdie jaarboek uitgeengesit geld.
- b) Honneurstudente wie nie die studie in die maksimumtydperk voltooi nie moet toestemming by die Skooldirekteur vra vir verlenging van die studietydperk.
- c) 'n Meesters en doktorsale student wat nie die studie binne die maksimum tydperk kan voltooi nie, moet voor die einde van die finale jaar van sodanige studie by die betrokke navorsingsdirekteur of navorsingsentiteitseier, of waar van toepassing by die betrokke skooldirekteur, aansoek doen om verlenging van die studietydperk met een jaar. Die betrokke navorsingsdirekteur of navorsingsentiteitseier, of waar van toepassing die betrokke skooldirekteur, maak 'n aanbeveling aan die Fakulteitsraad aangaande die verlenging van die studietydperk.

G.1.2.1.14 Registrasie vir bykomende modules

- a) 'n Nagraadse student kan in enige studiejaar op versoek en ooreenkomstig fakulteitsreëls toegelaat word om, benewens die vereiste modules van die betrokke kurrikulum, modules bykomend daartoe te neem.

G.1.2.1.15 Module-erkenning en -vrystelling

- a) 'n Nagraadse student wat aan 'n ander erkende hoëronderwysinstelling gestudeer het en om registrasie in 'n kwalifikasieprogram aan hierdie Universiteit aansoek doen, kan op aanbeveling van die betrokke skool-/navorsingsdirekteur by die Fakulteitsraad aansoek doen om die erkenning of vrystelling van modules wat in die kwalifikasieprogram, waarvoor die student wil registreer, vereis word, met dien verstande dat erkenning of vrystelling van nie meer as die helfte van die krediete, by voorkeur ten opsigte van die modules wat in die junior jaarvlakke van die betrokke kwalifikasieprogram voorkom, verleen word nie.
- b) 'n Nagraadse student wat oor 'n kwalifikasie van hierdie Universiteit of van 'n ander erkende hoëronderwysinstelling beskik en om registrasie in 'n kwalifikasieprogram aan die Universiteit aansoek doen, kan op aanbeveling van die betrokke skool-/navorsingsdirekteur by die Fakulteitsraad aansoek doen om die erkenning of vrystelling van modules wat in die kwalifikasieprogram waarvoor die student wil registreer, vereis word, met dien verstande dat die erkenning of vrystelling van nie meer as die helfte van die krediete, by voorkeur ten opsigte van die modules wat in die junior jaarvlakke van die betrokke kwalifikasieprogram voorkom, verleen word nie.
- c) Enige geregistreerde nagraadse student wat van kurrikulum wil verwissel, kan, binne die raamwerk van toepaslike fakulteitsreëls, skriftelik by Fakulteitsraad aansoek doen om erkenning of vrystelling van modules wat reeds geslaag is en wat deel uitmaak van die nuutgekoese kurrikulum.
- d) Bepalings rakende die verlening van erkenning of vrystelling van modules vir 'n beperkte tyd of erkenning of vrystelling slegs vir bepaalde modules word in hierdie jaarboek beskryf.

G.1.2.1.16 Navorsingsvoorstel en titelregistrasie vir meesters en doktorsgrade

- a) Meesters en doktrale studente moet binne nege maande ná registrasie of ses maande na afhandeling van die laaste eksamen (in geval van gedoseerde grade) (A-reël 4.1.2.2 en 4.1.2.3) in oorleg met 'n moontlike studieleier/promotor 'n navorsingsvoorstel en titelregistrasie vir goedkeuring aan 'n liggaam soos bepaal deur die fakulteit voorlê, welke liggaam die benoeming van die studieleier/promotor en waar nodig mede- of hulpstudieleiers/-promotors in oorleg met die navorsingsdirekteurs wat belang daarby het, sal formaliseer. (A-reël 4.3.1.1 en 5.3.1.1).
- b) Indien 'n student versuim om 'n navorsingsvoorstel binne die bepaalde tyd vir goedkeuring voor te lê, mag die student se studie beëindig word.
- c) Indien 'n student in gebreke bly om te registreer vir 'n bepaalde akademiese jaar kan die toepaslike navorsingsonderwerp, indien dit reeds geregistreer is aan 'n ander student toegewys word.

G.1.2.1.17 Klassifikasie en deklassifikasie van skripsies, verhandelinge en proefskrifte

- a) Wanneer 'n Skripsie/verhandeling/proefskrif ooreenkomstig die beleid van die Senaat as vertroulik geklassifiseer word, word in die eksamineringsproses uitvoering gegee aan die voorskrifte wat deur die Senaat daarvoor neergelê is.

G.1.2.1.18 Opgradering van meestersgraadstudie na doktorsgraadstudie

- a) 'n Student wat vir 'n meestersgraad geregistreer is en wat na die eenparige oordeel van die betrokke studieleier, die betrokke navorsingsdirekteur of navorsingsentiteitleier, of waar van toepassing, die betrokke skooldirekteur, uitkomste bereik het van 'n gehalte en omvang wat vir 'n doktorsgraad aanvaarbaar is, kan by die Fakulteitsraad aansoek doen om die registrasie van die meesteregraad na registrasie vir 'n doktorsgraad te verander.
- b) 'n Student aan wie so 'n vergunning gemaak word, moet die vraestelgedeelte van die meestersgraadeksamen, waar van toepassing, met welslae afhandel voordat die proefskrif ingedien kan word; en moet voldoen aan alle reëls en voorskrifte wat die Universiteit in verband met 'n doktorsgraad stel; en ontvang die doktorsgraad eers nadat die aantal krediete van die meestersgraad-vraestelle, waar van toepassing, verwerf is en die minimum tydperk wat vir registrasie vir die betrokke doktorsgraad vereis word, verloop het.

G.1.2.1.19 Beëindiging van studie

- a) Die Dekaan kan op aanbeveling van die betrokke navorsingsdirekteur of -leier, of waar van toepassing, die betrokke skooldirekteur 'n nagraadse student se studie beëindig, wanneer die student onvoldoende of swak vordering toon gedurende die studietydperk en na toekenning van verlengde tydperk, steeds in gebreke bly om die studie te voltooi.
- b) 'n Nagraadse student wie se studie beëindig is, word nie in die daaropvolgende akademiese jaar weer tot dieselfde studieprogram toegelaat nie.
- c) 'n Nagraadse student wie se studie beëindig is, kan op die gewone wyse aansoek doen om toelating tot 'n ander studieprogram, maar moet ten tyde van die aansoek melding maak van die studiebeëindiging.

G.1.2.1.20 Benoeming van eksaminators/moderators vir honneursgrade

- a) Vir elke nie-uitreevlakmodule is daar minstens een interne eksaminator en minstens een interne moderator.
- b) Elke uitreevlakmodule word minstens tweeejaarliks ekstern gemodereer deur 'n persoon of persone wat oor toepaslike kwalifikasies beskik, met dien verstande dat sodanige persoon of persone nie 'n personeellid mag wees nie en ook nie aan die Universiteit verbonde mag wees deur middel van 'n buitengewone aanstelling nie.
- c) Die studieleier van 'n honneursskripsie mag nie 'n interne eksaminator van sodanige skripsie wees nie.

G.1.2.1.21 Benoeming van eksaminators vir meesters- en doktorsgrade

- a) Vir die eksaminering van elke skripsie/verhandeling/proefskrif en/of gedoseerde meestersgraadmodules word eksaminators volgens die fakulteit se spesifikasies deur die Dekaan (gedelegeer aan fakulteitstrukture) benoem om die assessering van die student se prestasie in 'n eksamen te behartig.

- b) 'n Gedoseerde meestersgraadmodule se eksamen word ekstern gemodereer tensy die module ekstern geëksamineer word.
- c) Studieleiers mag nie as eksaminators benoem word nie.
- d) Vir skripsies, verhandelinge en proefskrifte moet minstens (3) drie eksaminators benoem word. Nie meer as (2) twee onbetrokke interne persone mag as eksaminators benoem word nie en ten minste een uit die drie eksaminators moet ekstern, van buite die universiteit wees.
- e) Daar mag nie botsende belange van persone wees nie.
- f) Eksterne eksaminators wat benoem word mag nie aan dieselfde instansie/eenheid verbonde wees nie.
- g) Eksaminators moet as minimum vereiste oor 'n gelykwaardige kwalifikasie beskik.
- h) Eksaminators mag nie by die studieleiding betrokke wees nie.
- i) Herhaaldelike gebruik van dieselfde eksaminators sal vermy word.
- j) Name van eksaminators is vertroulik en word nie sonder toestemming van die betrokke eksaminators aan 'n student bekend gemaak nie.

G.1.2.1.22 Indiening van skripsies, verhandelings en proefskrifte

- a) 'n Skripsie/verhandeling/proefskrif word met die skriftelike toestemming van die studieleier/promotor vir eksaminering ingedien voor of op die datum wat jaarliks deur Akademiese Administrasie daarvoor bepaal word.
- b) Meesters- en doktrale studente wat ontevrede is met enige aspek van die studieleiding wat 'n studieleier of promotor aan die student gegee het, kan dit skriftelik onder die Navorsingsdirekteur se aandag bring en moet in oorleg met die Dekaan afgehandel word. Die Navorsingsdirekteur moet die student skriftelik antwoord voordat 'n Skripsie/verhandeling/proefskrif vir eksaminering ingedien word.
- c) 'n Skripsie/verhandeling/proefskrif moet vir eksaminering ingedien word voor of op die datum wat jaarliks in die datumrooster vir die betrokke jaar aangedui word. Toestemming vir indiening na die vasgestelde indieningsdatum moet deur die betrokke Navorsingsdirekteur toegestaan word en sal deur die Dekaan of Administratiewe bestuurder (as gedelegeerde van die Dekaan) mede-onderteken word.
- d) Die fisiese vorm en aantal eksemplare van 'n verhandeling of skripsie wat vir eksaminering, en ná suksesvolle eksaminering vir bewaring, ingedien word, word deur Akademiese Administrasie in oorleg met eksaminators se behoeftes bepaal.
- e) Indien die studieleier toestemming vir die indiening van 'n Skripsie/verhandeling/proefskrif vir eksaminering weier, kan die betrokke Navorsingsdirekteur of -leier, of waar van toepassing, die betrokke Skooldirekteur, na oorleg met die studieleier en die student, verlening van verlof tot indiening toestaan.
- f) Skripsies, verhandelinge en proefskrifte moet aan die tegniese vereistes wat deur vakgroepe/navorsingsentiteite daarvoor gestel word, voldoen.

- g) Met indiening van 'n verhandeling of skripsie wat nie as 'n reeks manuskripte in artikelformaat voorgelê word nie, word 'n bewys dat 'n navorsingsartikel by 'n geakkrediteerde tydskrif ingedien is nie vereis nie, tensy dit in hierdie jaarboek as vereiste gestel word.
- h) Met die indiening van enige proefskrif moet die kandidaat, met die instemming van die promotor, bewys lewer dat een navorsingsartikel aan 'n geakkrediteerde tydskrif voorgelê is. Die bewys van voorlegging van die artikel moet by die proefskrif ingebind word. Daar word nie 'n maksimum aantal artikels vasgestel met die inhandiging van 'n proefskrif nie, en word volstaan by die spesifikasies van die A-reëls.
- i) Meesters en doktorsale studente wat volgens die artikelmodel indien, se skripsie, verhandeling of proefskrif moet as 'n eenheid, bestaande uit probleemstelling, toegespitste literatuurontleding en -integrasie en samevattende slotbespreking, ingedien word. Die reël bly van krag indien slegs een artikel gebruik word.
- j) Na indiening vir eksaminering mag die skripsie, verhandeling of proefskrif nie onttrek word nie.
- k) Studieleiers/promotors/studente mag na indiening geen kontak van watter aard ook al met enige eksaminator maak nie sodat die objektiwiteit van die eksamineringsproses nie benadeel word nie.
- l) Enige konflik van belange, met betrekking tot eksaminators wat benoem en wat na indiening aan die lig kom, moet onmiddellik na die Dekaan verwys word ten einde 'n ander eksaminator(s) te benoem sodat 'n billike en akademies regverdigbare eksamenuitslag verkry kan word.
- m) Indien enige navorsingsartikel of manuskrip en/of internasionaal geëksamineerde patent vir die doel van 'n Skripsie/verhandeling/proefskrif in artikelformaat gebruik word waarby ander outeurs en/of uitvindings as die kandidaat betrokke was, moet die kandidaat 'n skriftelike verklaring van elke mede-outeur en/of mede-uitvindings verkry, waarin verklaar word dat sodanige mede-outeur en/of mede-uitvindings toestemming verleen tot die gebruik van die navorsingsartikel of manuskrip en/of patent vir gemelde doel en waarin verder aangedui word wat elke mede-outeur en/of mede-uitvindings se aandeel aan die betrokke navorsingsartikel of manuskrip en/of patent was.
- n) Waar mede-outeurs of mede-uitvindings, soos bedoel in die voorafgemelde paragraaf, betrokke was, moet die kandidaat daardie feit in die voorwoord vermeld en die verklaring van elke mede-outeur of mede-uitvindings direk ná die voorwoord in die verhandeling of skripsie insluit.

G.1.2.1.23 Eksamentoelating en slaagvereistes (Honneursgrade)

- a) 'n Honneursstudent wat die vereiste deelnamepunt of deelnamebewys behaal het soos voorgeskryf deur die vereistes van die program word toegelaat tot die eksamen in die betrokke module.
- b) Die slaagvereistes vir elke honneurskurrikulum en module word in die addisionele vereistes van die program vasgestel, met inbegrip van die verhouding waarin die evalueringsmetodes van toepassing op 'n spesifieke module (of groep modules) gekombineer word om te bepaal of dit suksesvol voltooi is.

- c) 'n Honneursgraad word met onderskeiding geslaag indien 'n finale gemiddeld van minstens 75% in al die geëksamineerde elemente behaal is.

G.1.2.1.24 Herhaling van modules (Honneurs-en gedoseerde meestersgrade)

- a) Indien 'n student die eksamen in 'n bepaalde module druij, moet die module volledig herhaal, word behoudens moontlike uitsonderings waarvoor fakulteitsreëls voorsiening maak.
- b) 'n Student wat een of meer van die modules van 'n honneurs- of meestersgraadstudie druij, kan deur die Dekaan in oorleg met die skoordirekteur tot 'n tweede eksamengeleentheid in die betrokke module(s) toegelaat word, behalwe waar fakulteitsreëls anders spesifiseer.
- c) 'n Student mag binne die maksimum toelaatbare studietydperk eenmalig vraestelle wat nie 25% van die modules van die betrokke kurrikulum oorskry nie, herhaal.
- d) 'n Student wat ná benutting van alle gewone eksamengeleenthede alle modules wat in 'n honneurs- en meestersgraadprogram vereis word, behalwe een, geslaag het, kan by die Dekaan aansoek doen om 'n finale assesseringsgeleentheid in die uitstaande module waarvoor betaling van die voorgeskrewe bedrag, maar nie registrasie nie, vereis word. Spesifikasies in hierdie jaarboek sal in ag geneem word.

G.1.2.1.25 Eksaminering (Meesters- en doktorsgrade)

- a) Vir die eksaminering met die oog op die verwerwing van 'n meestersgraad kan die volgende vereis word:
- slegs 'n verhandeling; of
 - een of meer eksamenvraestelle en 'n verhandeling, of
 - een of meer eksamenvraestelle en 'n skripsie; of
 - 'n reeks manuskripte in artikelformaat.
- b) Vir die eksaminering met die oog op die verwerwing van 'n doktorsgraad kan die volgende vereis word:
- 'n proefskrif, of
 - 'n reeks manuskripte in artikelformaat, of
 - 'n patent, of
 - 'n colloquium wat vereis mag word ter verdediging van die proefskrif
- c) Elke eksaminator dien na evaluering van die skripsie/verhandeling/proefskrif afsonderlik 'n skriftelike verslag by Akademiese Administrasie in, wie dit aan die betrokke studieleier/promotor en nagraadse beampte in die Fakulteit sal stuur vir prosessering.
- d) Alle evaluasieverslae en finale uitslae moet deur fakulteitstrukture oorweeg en bekragtig word alvorens die student van die uitslag verwittig word.
- e) Die volgende bevindinge van 'n eksaminator rakende 'n Skripsie/verhandeling/proefskrif geld:
- Dat dit onvoorwaardelik aanvaar word (opsie 1);

- Dat dit aanvaar word op voorwaarde dat gespesifiseerde regstellings aangebring word (opsie 2);
 - Dat die studie na die kandidaat terug verwys vir hersiening en/of uitbreiding en herindiening vir hereksaminering (opsie 3);
 - Dat dit nie aanvaar nie in welke geval die kandidaat druij (opsie 4)
- f) Enige kontak met eksaminators om 'n uitslag te bespreek of uitklaring daarvan te verkry mag slegs deur die Dekaan gedoen word. Enige aspek wat onduidelik is in 'n evaluasieverlag sal deur die Dekaan met die betrokke eksaminator(s) uitgeklaar word.
- g) Indien 'n student in enige eksamen volgens die eenparige oordeel van die eksaminators slaag, is daardie uitslag finaal onderhewig aan die bepalings van par i, hieronder.
- h) Indien eksaminators wesenlik verskil oor die evaluering van 'n verhandeling/skripsie/proefskrif, kan die Dekaan, op aanbeveling van 'n eksamenkomitee 'n addisionele eksterne eksaminator(s) benoem, om te verseker dat 'n billike en regverdigbare eksamenuitslag behaal word. (Die verslag van laasgenoemde sal bepalend wees of die kandidaat slaag of druij.)
- i) Enige kommentaar wat voorspruit uit die tersaelegging moet binne die vasgestelde tydperk soos deur die Universiteit bepaal aan die Dekaan voorgelê word. Die kommentaar sal saam met evaluasieverlae van eksaminators aan 'n eksamenkomitee voorgehou word om te bepaal of dit voldoende meriete het. Indien die verslag voldoende meriete oplewer, sal 'n eksterne kundige, wat oor minstens 'n doktorsgraad beskik en toereikende ervaring in die navorsingsveld het, aangewys word om die kommentaar met betrekking tot evaluasieverlae te evalueer. Die kundige se aanbeveling moet deur die Eksamenkomitee in berekening gebring word.
- j) Die slaagvereistes vir skripsies/verhandelinge en gedoseerde meestersgraadmodules is 50% tensy dit anders in hierdie jaarboek gespesifiseer word.
- k) 'n Gedoseerde meestersgraadmodule/skripsie/verhandeling word met onderskeiding geslaag indien by eksaminering daarvan 'n gemiddelde punt van 75% toegeken is. 'n Meesterskwalifikasie word met onderskeiding geslaag indien 'n finale gemiddeld van minstens 75% in al die geëksamineerde elemente behaal is.
- l) 'n Finale punt van 74% sal dit deur die Dekaan aangepas word tot 75% (slaag met onderskeiding) behalwe wanneer hy/sy van mening is dat die gehalte van die studie in die skripsie/verhandeling nie aan 'n onderskeiding voldoen nie.
- m) 'n Student wat 'n gedoseerde meestersgraad module(s) na 'n tweede of addisionele eksamengeleentheid steeds druij moet die module(s) in die daaropvolgende akademiese jaar herhaal alvorens die kwalifikasie toegeken kan word, op voorwaarde dat dit nie meer as 25% van die modules in die program oorskry nie. Die reël is onderhewig aan die bepaalde spesifikasies vir die betrokke kwalifikasieprogram soos in die fakulteit se jaarboek vervat.
- n) 'n Skripsie/verhandeling of proefskrif mag slegs een keer na 'n student terug verwys word, en na hersiening weer ingedien word vir eksaminering. Herindiening moet binne een jaar vanaf bekendmaking van die uitslag of

terugverwysing plaasvind behalwe waar grondige redes vir die verlenging van die hersieningstydperk bestaan, en dit deur die Dekaan toegestaan word.

- o) Hersiene of uitgebreide skripsies/verhandelings of proefskrifte sal slegs aan die betrokke eksaminator(s) wie die opsie 3 toegeken het terug verwys word vir hereksaminering, behalwe waar die omvang van regstellings en/of hersiening van so aard is dat dit weer aan al die eksaminators voorgedou moet word vir evaluering.
- p) Hersiene of uitgebreide skripsies/verhandelings of proefskrifte moet vergesel word van 'n memorandum deur die studieleier/promotor met vermelding die wysigings wat aangebring is, ten einde die eksaminator(s) wie die studie herevalueer op hoogte te bring met die veranderinge wat aangebring is.
- q) 'n Student wat 'n skripsie/verhandeling of proefskrif druij kan in die geval van ontevredeheid met enige aspek wat die eksaminering voorafgegaan het binne veertien dae nadat die uitslag bekend geword het, 'n skriftelike kennisgewing aan die Dekaan voorlê, wie dit in oorleg met die Navorsingsdirekteur en studieleier/promotor sal fasiliteer. Nadat alle moontlikhede om die ontevredeheid uit die weg te ruim uitgeput is, kan die student volgens die bepalinge van A-reël 4.4.7 'n geskil verklaar.
- r) 'n Student wat 'n skripsie/verhandeling of proefskrif druij, mag hoogstens een keer aansoek doen om weer vir dieselfde kwalifikasieprogram toegelaat te word op voorwaarde dat 'n nuwe navorsingsvoorstel voorgelê word en dat die navorsingentiteite oor die nodige kapasiteit en fondse beskik

G.1.2.1.26 Verwerwing van 'n kwalifikasie

- a) Die honneursgraad word verwerf wanneer 'n student in die eksamen van al die voorgeskrewe modules wat in die fakulteitsreëls vir die betrokke kurrikulum voorgeskryf word, geslaag het.
- c) Keuring behels die indien van 'n formele aansoek en curriculum vitae deur die applikant asook 'n moontlike onderhoud deur die direkteur van die Sentrum van Uitnemendheid vir Farmaseutiese Wetenskappe en die vakvoorsitter.

G.1.13.8.2 Addisionele vereistes en fakulteitspesifieke reëls

- a) 60% word vereis vir modules gedurende die eerste semester in die vierde jaar BPharm studie.
- b) Die navorsingsdirekteur kan toelating tot 'n kurrikulum weier indien die standaard van bewaamheid wat die student tevore in die betrokke vak(ke) waarin hy/sy verder wil studeer bereik het, nie aan die betrokke kurrikulumvereistes voldoen nie.

G.1.13.8.3 Kurrikulum G801P: Farmaseutika

Die kurrikulum bestaan uit 'n navorsingsprojek in 'n navorsingsrigting, binne die toepaslike navorsingseenheid, wat kulmineer in die skryf van 'n verhandeling. 'n Deelnamebewys word verkry deur bywoning/afhandeling van bepaalde modules wat, volgens die oordeel van die betrokke studieleier, van belang mag wees vir die student in die voltooiing van sy/haar studie. Die modules word aangedui en omskryf in die "Inligtingsdokument vir Meestergraadstudie" in die Eenheid vir Geneesmiddelnavorsing en –ontwikkeling.

G.1.13.8.3.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die student:

- a) gevorderde/omvattende spesialiskennis en vaardighede te kan demonstreeer om relevante navorsingsvrae binne die veld van Farmaseutika te identifiseer;
- b) in staat wees om 'n navorsingsprobleem/ behoefte te identifiseer, 'n gepaste navorsingsontwerp te beplan en uit te voer op 'n wetenskaplike en etiese wyse deur van gepaste navorsingsmetodes, -tegnieke en –prosedures gebruik te maak;
- c) navorsingsbevindinge op 'n wetenskaplik-verantwoordbare wyse te interpreteer, te integreer en op 'n wetenskaplik en etiese wyse mondeling en skriftelik in 'n navorsingsverslag die nodige inligting te kommunikeer, en om
- d) as leier, eties en verantwoordelik, in die aptekersprofessie op die gebied van Farmaseutika te kan optree.

G.1.13.8.3.2 Samestelling van kurrikulum : Farmaseutika

Kwalifikasie- en programkode: 203 186; Kurrikulumkode: G801P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FMSG871	Verhandeling: Farmaseutika	180
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

G.1.13.9 Program: Beroepshigiëne

Kwalifikasiekode: 203 160 (V)

Die doel van hierdie kwalifikasie is die opleiding van nagraadse studente ten einde hulle te bemagtig om op 'n hoogs gespesialiseerde vlak te kan funksioneer as beroepshigiëniste in die industrie en navorsers in die gesondheidswetenskappe.

Die program word op 'n voltydse basis aangebied. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Augustus (fase 1) en 30 September (fase 2). Aansoeke wat na hierdie datum ontvang word sal op meriete gekeur word.

G.1.13.9.1 Toelatings- en keuringsvereistes van die program

- Die student moet in besit wees van 'n toepaslike honneurs graad of gelykwaardige kwalifikasie.
- Keuring deur 'n keurkomitee vind plaas gedurende September tot Oktober en goedkeuring deur die skooldirekteur is onderhewig aan beskikbare kapasiteit.

G.1.13.9.2 Addisionele vereistes en fakulteitspesifieke reëls

- Minstens 60% in Fisiologie (of gelykwaardige kwalifikasie) op honneursvlak word vereis.
- Dit word sterk aanbeveel dat die student moet bewys lewer van immunisering, veral Hepatitis B.
- 'n Bevredigende gedrags- en funksioneringsrekord moet op deurlopende basis deur die studente gehandhaaf word.
- Vier vraestelle en 'n skripsie moet voltooi word tydens die kurrikulum.
- Die modulepunt word soos volg bereken: Skripsie: 50% en die gemiddeld van vier modules: 50%.

G.1.13.9.3 Kurrikulum G851P: Beroepshigiëne

G.1.13.9.3.1 Kurrikulumuitkomst

Die gekwalifiseerde student sal toegerus wees met gevorderde kennis en vaardighede om 'n relevante navorsingsvraag binne die veld van beroepshigiëne te identifiseer, om 'n gepaste kwantitatiewe en/of kwalitatiewe navorsingsontwerp te beplan en uit te voer op 'n wetenskaplike en etiese wyse deur van gepaste navorsingsmetodes, -tegnieke en -prosedures gebruik te maak; om die navorsingsbevindings op 'n wetenskaplik-verantwoordbare wyse

te interpreteer en 'n navorsingsverslag daaruit saam te stel. Die student sal die vermoë besit om in die industrie as beroepshigiënis te kan funksioneer.

G.1.13.9.4 Samestelling van die kurrikulum : Beroepshigiëne

Kwalifikasie- en programkode: 203 160; Kurrikulumkode: G851P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FLGX873	Skripsie	96
FLGX884	Beroepshigiëne monitering B	24
FLGX885	Vibrasie, hitte en ergonomiese faktore	24
FLGX886	Arbeidswetgewing	24
FLGX887	Persoonlike beskermingstoerusting en straling	24
Krediet totaal vir die kurrikulum		192

G.1.13.10 Program: Voeding

Kwalifikasiekode: 203 166 (V + D)

Die program is so saamgestel dat die student 'n keuse kan uitoefen tussen die navorsingsgerigte kurrikulum (G871P) wat 'n verhandeling insluit, óf die gedoseerde kurrikulum (G870P) wat drie modules en 'n skripsie, gebaseer op 'n navorsingsprojek, insluit.

Die kurrikulum word op 'n voltydse en deeltydse basis aangebied en die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September.

G.1.13.10.1 Toelatings- en keuringsvereistes van die program

- Die student moet in besit wees van 'n toepaslike honneurs graad of gelykwaardige kwalifikasie.
- Keuring deur 'n keurkomitee neem aanvang op 1 Oktober en is onderhewig aan die akademiese prestasie van die student. asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep. Studente wat aan die vereistes voldoen sal vir 'n onderhoud genooi word.
- Seleksie is onderhewig aan goedkeuring deur die Direkteur van die Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding met inagneming van beskikbare kapasiteit in die navorsingsentiteit.

G.1.13.10.2 Addisionele vereistes en fakulteitspesifieke reëls

- Die student moet minstens 60% gemiddeld behaal in die honneursgraad.
- Studente met die vierjarige BSc Dieetkunde graad moet ten minste 60% in elk van die derdejaar Voeding modules asook die navorsingsmodule behaal het.
- STTN111 (Beskrywende Statistiek) of gelykwaardige module moet geslaag wees.

- d) Studente wat vir hierdie graad wil registreer moet bewys kan lewer van die toediening van 'n hepatitis A en B-inspuiting wat gedurende die vorige 5 jaar toegedien is.

G.1.13.10.3 Kurrikulums G870P en G871P: Voeding

G.1.13.10.3.1 Kurrikulumuitkomste

Die student sal toegerus wees met:

- a) gevorderde kennis en vaardighede om 'n relevante navorsingsvraag binne die veld van Voeding te identifiseer,
- b) om 'n gepaste kwantitatiewe en/of kwalitatiewe navorsingsontwerp te beplan en uit te voer op 'n wetenskaplike en etiese wyse deur van gepaste navorsingsmetodes, -tegnieke en –prosedures gebruik te maak;
- c) om die navorsingsbevindinge op 'n wetenskaplik-verantwoordbare wyse te interpreteer;
- d) 'n navorsingsverslag daaruit kan saamstel in die vorm van 'n skripsie of verhandeling, in hoofstuk- of artikelformaat, en
- e) leiding kan neem in Voedingsorg in Suid-Afrika.

Addisionele kurrikulumuitkomste vir die gedoseerde graad wat 'n skripsie insluit (G870P)

“Skripsie” 'n skriftelike stuk, insluitende 'n skriftelike verslag of 'n enkele gepubliseerde navorsingsartikel of 'n stel gepubliseerde navorsingsartikels of ongepubliseerde manuskripte in artikelformaat, van beperkter omvang as 'n verhandeling, wat vir eksamen-doeleindes opgestel is in ooreenstemming met die voorskrifte ten opsigte van dokumentering, argumentasie, taal en styl, en wat, benewens die beantwoording van 'n aantal voorgeskrewe eksamen-vraestelle, beoordeel word om te bepaal of die student vertrou is met die navorsingsmetode, en wat aangebied word ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die verwerwing van 'n magistergraad aan die Universiteit ooreenkomstig die voorgeskrewe reëls.

Addisionele Kurrikulumuitkomste vir die graad wat 'n verhandeling behels (G871P)

“Verhandeling” 'n skriftelike stuk opgestel vir eksamen-doeleindes, insluitende 'n enkele gepubliseerde navorsingsartikel of 'n stel gepubliseerde navorsingsartikels of ongepubliseerde manuskrip(te) in artikelformaat, in ooreenstemming met die voorskrifte ten opsigte van dokumentering, argumentasie, taal, styl, dokumentering en argumentasie, waarin die student bewys moet lewer dat hy/sy vertrou is met die navorsingsmetode, en wat aangebied word ter volledige voldoening aan die vereistes vvan die voorgeskrewe uitkomste vir 'n magistergraad aan die Universiteit.

G.1.13.10.4 Samestelling van die kurrikulums : Voeding

'n Student kan 'n keuse uitoefen tussen 'n skripsie en drie modules (G870P) of 'n verhandeling (G871P) na gelang van vorige leer en die meestersprogram van die skool.

Kwalifikasie- en programkode: 203 166; Kurrikulumkode: G870P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VOED873	Skripsie	96
VOED874	Voeding op openbare gesondheidsvlak	32
VOED875	Gevorderde voedingkunde	32
VOED876	Sportvoeding	32
Krediet totaal vir die kurrikulum		192

Kwalifikasie- en programkode: 203 166; Kurrikulumkode: G871P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VOED871	Verhandeling	192
Krediet totaal vir die kurrikulum		192

G.1.13.11 Program: Dieetkunde

Kwalifikasiekode: 203 169 (V + D)

Die program word op 'n voltydse en deeltydse basis aangebied en die sluitingsdatum vir aansoek is 30 September.

G.1.13.11.1 Toelatings- en keuringsvereistes van die program

- a) Die student moet in besit wees van 'n toepaslike honneurs graad of gelykwaardige kwalifikasie.
- b) Dit is moontlik om direk na die vierjarige BSc (Dieetkunde) graad vir hierdie program te registreer mits aan die toelatingsvereistes voldoen word.
- c) Keuring deur 'n keurkomitee neem aanvang op 1 Oktober en is onderhewig aan die akademiese prestasie van die student. asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep. Studente wat aan die vereistes voldoen sal vir 'n onderhoud genooi word.
- d) Goedkeuring deur die Direkteur van die Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding geskied met inagneming van beskikbare kapasiteit in die navorsingsentiteit.

G.1.13.11.2 Addisionele vereistes en fakulteitspesifieke reëls

- a) Die student moet minstens 60% gemiddeld behaal in die honneursgraad.
- b) Studente met die vierjarige BSc Dieetkunde graad word ten minste 60% in elk van die derejaar Voeding modules asook die navorsingsmodule behaal het;
- c) STTN111 (Beskrywende Statistiek) of gelykwaardige module moet geslaag wees.
- d) Voorkeur word aan voltydse studente gegee.
- e) Studente wat vir hierdie graad wil registreer moet bewys kan lewer van die toediening van 'n hepatitis A-en B-inspuiting wat gedurende die vorige 5 jaar toegedien is.

G.1.13.11.3 Kurrikulums G851P en G875P

G.1.13.11.3.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van die kurrikulum sal die student:

- a) kennis en insig demonstreer van die algemene wetenskaplike metode van navorsing, met toespising op die besonderse navorsingsmetodologie in Dieetkunde/Voeding
- b) kennis en vaardighede te kan toepas om ingewikkelde wêreldgetroue probleme in dieetkunde en voeding te identifiseer, analiseer, evalueer en sistematies en kreatief op etiese wyse op te los en teoreties begronde uitsprake te maak deur gebruik te maak van data en inligting wat bekom is en resultate en gevolgtrekkings mondelings en skriftelik duidelik aan spesialiseer en nie-spesialiseer gehore te kommunikeer aan die hand van geskikte IT.

G.1.13.11.3.2 Samestelling van kurrikulums : Dieetkunde

'n Student kan 'n keuse uitoefen tussen 'n skripsie en drie modules (G851P) of 'n verhandeling (G875P),

Kwalifikasie- en programkode: 203 169; Kurrikulumkode: G851P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
Verpligte module:		
VOED873	Skripsie	96
Keuse modules:		
VOED874*	Voeding op openbare gesondheidsvlak	32
VOED875*	Gevorderde voedingkunde	32
VOED876*	Sportvoeding	32
VOED880*	Voedingsondersteuning vir die pediatriese pasiënt	32
VOED882*	Voedingsondersteuning in kritieke sorg	32
Krediet totaal vir die kurrikulum		192

*Keusemodules: enige drie (3) modules moet gekies word

Kwalifikasie- en programkode: 203 169; Kurrikulumkode: G875P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VOED871	Verhandeling	192
Krediet totaal vir die kurrikulum		192

G.1.13.12 Program: Fisiologie

Kwalifikasiekode: 203 171 (V)

Die doel van hierdie kwalifikasie is die opleiding van nagraadse studente ten einde hulle te bemagtig om op 'n hoogs gespesialiseerde vlak te kan funksioneer as navorsers in die gesondheidswetenskappe.

Die program word op 'n voltydse basis aangebied en die algemene sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober. Aansoeke wat na hierdie datum ontvang word sal op meriete gekeur word.

G.1.13.12.1 Toelatings- en keuringsvereistes van die program

- a) Die student moet in besit wees van 'n toepaslike honneursgraad of gelykwaardige kwalifikasie.
- b) Keuring en goedkeuring deur 'n nagraadse keurkomitee is onderhewig aan beskikbare kapasiteit.

G.1.13.12.2 Addisionele vereistes en fakulteitspesifieke reëls

- a) Minstens 60% gemiddeld in Fisiologie (of gelykwaardige kwalifikasie) op honneursvlak word vereis.
- b) Dit word sterk aanbeveel dat die student moet bewys lewer van immunisering, veral Hepatitis A en B.
- c) 'n Bevredigende gedrags- en funksioneringsrekord moet op deurlopende basis deur alle studente gehandhaaf word.

G.1.13.12.3 Kurrikulum G855P : Fisiologie

G.1.13.12.3.1 Kurrikulumuitkomste

Die student sal toegerus wees met gevorderde kennis en vaardighede om 'n relevante navorsingsvraag binne die veld van Gesondheidswetenskappe of kardiovaskulêre Fisiologie in die besonder, te identifiseer, om 'n gepaste kwantitatiewe en/of kwalitatiewe navorsingsontwerp te beplan en uit te voer op 'n wetenskaplike en etiese wyse deur van gepaste navorsingsmetodes, - tegnieke en -prosedures gebruik te maak; om die navorsingsbevindings op 'n wetenskaplik-verantwoordbare wyse te interpreteer en 'n navorsingsverslag daaruit saam te stel.

G.1.13.12.3.2 Samestelling van kurrikulum : Fisiologie

Kwalifikasie- en programkode: 203 171; Kurrikulumkode: G855P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FLGX871	Verhandeling	192
Krediet totaal vir die kurrikulum		192

G.1.13.13 Program: Kliniese Psigologie

Kwalifikasiekode: 203 176 (V) (Kliniese Psigologie)

- a) Die program is professioneel van aard. In die ontwikkeling van die kurrikulum vir die program is nasionale- en streeksbehoefes in ag geneem deur dit aan te spreek in die navorsingseenheid AUTHeR. By die samestelling van die kurrikulums is oorweging geskenk aan beroepsmoontlikhede en die mensekapitaalbehoefes van ons land. Hierdie kurrikulum berei die student ook voor vir verdere nagraadse studie in Psigologie.

- b) Die kliniese psigologieprogram bied 'n geleentheid tot gespesialiseerde en gevorderde opleiding en is 'n voorvereiste vir registrasie as Kliniese Sielkundige by die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)*.
- c) Die program word voltyds aangebied en die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 Junie waarna 'n keuringsproses volg.

G.1.13.13.1 Toelatings- en keuringsvereistes van die program

- a) Honneursgraad in Psigologie of toepaslike ekwivalent. word vereis.
- b) 'n Papierseleksie met kriteria soos akademiese prestasie, relevante ervaring en die kwaliteit van interne en eksterne referentverslae;
- c) 'n Formele keuringsproses wat bestaan uit 'n individuele in-diepte onderhoud deur 'n keuringspaneel van sielkundiges, en 'n navorsingstaak, gevallestudies en groepsprosesse vir evaluering van sekere trekke, vaardighede en potensiaal;
- d) 'n Finale in-diepte individuele onderhoud voor die keuringspaneel bestaande uit interne en eksterne sielkundiges (departement en internskapvertegenwoordigers).
- e) Finale goedkeuring is onderhewig daaraan dat die navorsing (skripsie) binne die bepaalde fokus van vakgroep sal resorteer.

G.1.13.13.2 Addisionele vereistes en fakulteitspesifieke reëls

- a) 'n Gemiddeld van 65% in die honneursgraad.
- b) 'n Bevredigende gedrags- en funksioneringsrekord moet op deurlopende basis deur alle studente in die professionele programme gehandhaaf word. Dit staan die departement vry om die studie te terminier indien 'n student se akademiese-, gedrags- en/of funksioneringsrekord onbevredigend is en 'n gevaar vir homself/haarself en die publiek inhou.
- c) Akademiese uitnemendheid is ten alle tye 'n voorvereiste. 'n Deelnamepunt sal vir elke module apart bepaal en uiteengesit word. 'n Slaagpunt van 55% per module en 'n eksamensubminimum van 50% per module sal vereis word. Kandidate kry 'n tweede eksamen geleentheid in 'n module, slegs indien 'n vraestel gedruip word en 'n maksimum eksamenpunt van 50% sal toegeken word vir so 'n eksamen geleentheid. Indien die 2de geleentheid gedruip word, moet die jaar herhaal word. Indien meer vraestelle gedruip word, druipt die kandidaat die kursus.
- d) Indien eksperiënsiële vordering nie na wense sou wees nie, sou die internskap verleng kon word.

G.1.13.13.3 Kurrikulum G801P : Kliniese Psigologie

G.1.13.13.3.1 Kurrikulumuitkomst

Die student sal die vereistes van die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)* nakom om vir 'n internskap in Kliniese Psigologie te registreer, en sal toegerus wees met gespesialiseerde en gevorderde kennis en vaardighede om kuratiewe dienste te lewer, patologie te diagnoseer en voorkom, bio-psigososiale gesondheid te bevorder en primêre, sekondêre en

tersiëre welstand in individue, gesinne, organisasies en gemeenskappe te bevorder, en in besonder diegene wat ernstige lewenseise en relatiewe ernstige vorme van psigopatologie en psigologiese distres belewe.

G.1.13.13.3.2 Samestelling van die kurrikulum : Kliniese Psigologie

Kwalifikasie- en programkode: 203 176; Kurrikulumkode: G801P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
PSYK872	Navorsingsteorie en Verhandeling	100
PSYC878	Psigofarmakologie, Volwasse Patologie en Neuropsigologie	20
PSYC879	Kinder en Adolescente Patologie en Terapie	20
PSYC880	Psigologiese Intervensies: Teorie	20
PSYC881	Toegepaste Psigologiese Intervensies	20
PSYC882	Professionele Aspekte, Psigodiagnostiek en Praktiese Werk	20
Krediet totaal vir die kurrikulum		200

G.1.13.14 Program: Voorligtingspsigologie

Kwalifikasiekode: 203 177 (V) (Voorligtingspsigologie)

- Die program is professioneel van aard. In die ontwikkeling van die kurrikulum vir die program is nasionale- en streeksbehoefes in ag geneem deur dit aan te spreek in die navorsingseenheid AUTHeR. By die samestelling van die kurrikulums is oorweging geskenk aan beroepsmoontlikhede en die mensekapitaalbehoefes van ons land. Hierdie kurrikulum berei die student ook voor vir verdere nagraadse studie in Psigologie.
- Die Voorligtingspsigologieprogram bied 'n geleentheid tot gespesialiseerde en gevorderde opleiding en is 'n voorvereiste vir registrasie as Voorligtingsielkundige by die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)*.
- Die program word voltyds aangebied en die sluitingsdatum vir aansoek is 30 Junie waarna 'n keuringsproses volg.

G.1.13.14.1 Toelatings- en keuringsvereistes van die program

- Honneursgraad in Psigologie of toepaslike ekwivalent. word vereis.
- 'n Papierseleksie met kriteria soos akademiese prestasie, relevante ervaring en die kwaliteit van interne en eksterne referentverslae;
- 'n Formele keuringsproses wat bestaan uit 'n individuele in-diepte onderhoud deur 'n keuringspaneel van sielkundiges, en 'n navorsingstaak, gevallestudies en groepsprosesse vir evaluering van sekere trekke, vaardighede en potensiaal;
- 'n Finale in-diepte individuele onderhoud voor die keuringspaneel bestaande uit interne en eksterne sielkundiges (departement en internskapvertegenwoordigers).

- e) Finale goedkeuring is onderhewig daaraan dat die navorsing (skripsie) binne die bepaalde fokus van vakgroep sal resorteer.

G.1.13.14.2 Addisionele vereistes en fakulteitspesifieke reëls

- a) 'n Gemiddeld van 65% in die honneursgraad.
- b) 'n Bevredigende gedrags- en funksioneringsrekord moet op deurlopende basis deur alle studente in die professionele programme gehandhaaf word. Dit staan die departement vry om die studie te terminier indien 'n student se akademiese-, gedrags- en/of funksioneringsrekord onbevredigend is en 'n gevaar vir homself/haarself en die publiek inhou.
- c) Akademiese uitnemendheid is ten alle tye 'n voorvereiste. 'n Deelnamepunt sal vir elke module apart bepaal en uiteengesit word. 'n Slaagpunt van 55% per module en 'n eksamensubminimum van 50% per module sal vereis word. Kandidate kry 'n tweede eksamenleentheid in 'n module, slegs indien 'n vraestel gedruip word en 'n maksimum eksamenpunt van 50% sal toegeken word vir so 'n eksamenleentheid. Indien die 2de geleentheid gedruip word, moet die jaar herhaal word. Indien meer vraestelle gedruip word, druipt die kandidaat die kursus.
- d) Indien eksperiënsiële vordering nie na wense sou wees nie, sou die internskap verleng kon word.

G.1.13.14.3 Kurrikulum G801P : Voorligtingspsigologie

G.1.13.14.3.1 Kurrikulumuitkomst

Die student sal die vereistes van die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)* nakom om vir 'n internskap in Voorligtingspsigologie te registreer, en sal toegerus wees met gespesialiseerde en gevorderde kennis en vaardighede om kuratiewe dienste te lewer, patologie te diagnoseer en voorkom, bio-psigososiale gesondheid te bevorder en primêre, sekondêre en tersiêre welstand in individue, gesinne, organisasies en gemeenskappe te bevorder, en in besonder diegene wat ernstige lewenseise en relatiewe ernstige vorme van psigopatologie en psigologiese distres belewe.

G.1.13.14.3.2 Samestelling van die kurrikulum : Voorligtingspsigologie

Kwalifikasie- en programkode: 203 177; Kurrikulumkode: G801P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
PSYV872	Navorsingsteorie en Verhandeling	100
PSYC878	Psigofarmakologie, Volwasse Patologie en Neuropsigologie	20
PSYC880	Psigologiese Intervensies: Teorie	20
PSYC882	Proffesionele Aspekte, Psigodiagnostiek en Praktiese Werk	20
PSYV879	Kinder en Adolessente Ontwikkeling, Patologie en Terapie	20
PSYV881	Toegepaste Voorligting en Psigologiese Intervensies	20
Krediet totaal vir die kurrikulum		200

G.1.13.15 Program: Navorsingspsigologie

Kwalifikasiekode: 203 165 (V) (Navorsingspsigologie)

- a) Die program is professioneel van aard. In die ontwikkeling van die kurrikulum vir die program is nasionale- en streeksbehoefes in ag geneem deur dit aan te spreek in die navorsingseenheid AUTHeR. By die samestelling van die kurrikulum is oorweging geskenk aan beroepsmoontlikhede en die mensekapitaalbehoefes van ons land. Hierdie kurrikulum berei die student ook voor vir verdere nagraadse studie in Psigologie.
- b) Die Navorsingspsigologieprogram bied 'n geleentheid tot gespesialiseerde en gevorderde opleiding en is 'n voorvereiste vir registrasie as Sielkundige by die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)*.
- c) Die program word voltyds aangebied en die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober waarna 'n keuringsproses volg.

G.1.13.15.1 Toelatings- en keuringsvereistes van die program

- a) 'n Honneursgraad in Psigologie;
- b) 'n Papier-, akademiese- en persoonlikheidskeuring by voltooiing van die Honneursgraad vir toelating tot die professionele program in Navorsingspsigologie.
- c) Studente voltooi 'n keuringsaansoek bestaande uit: (a) 'n motiveringsbief, (b) volledige CV, (c) volledige akademiese rekord en (d) 'n twee bladsy voorstel met moontlike navorsingsonderwerpe, en dien dit teen 31 Oktober in. Studente wat aan die vereistes voldoen sal genooi word vir 'n keuringsonderhoud en moet 'n navorsingswerkopdrag voltooi.

G.1.13.15.2 Addisionele vereistes en fakulteitspesifieke reëls

- a) 'n Bevredigende gedrags- en funksioneringsrekord moet op deurlopende basis deur alle studente in die professionele programme gehandhaaf word. Dit staan die departement vry om die studie te terminieer indien 'n student se akademiese-, gedrags-, en/of funksioneringsrekord onbevredigend is en 'n gevaar vir homself/haarself of die publiek inhou.
- b) Akademiese uitnemendheid is ten alle tye 'n voorvereiste. 'n Minimum deelnamepunt van 65% word vereis vir eksamentoeelating en 'n slaagpunt van 55%. Kandidate mag in slegs een vraestel 'n 2de geleentheid kry. Indien die 2de geleentheid gedruip word, moet die jaar herhaal word. Indien meer vraestelle gedruip word, druipt die kandidaat die kursus.
- d) Indien eksperiënsiële vordering nie na wense sou wees nie, sou die internskap verleng kon word.

G.1.13.15.3 Kurrikulum G801P: Navorsingspsigologie

G.1.13.15.3.1 Kurrikulumuitkomst

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die student:

- a) gevorderde, sistematiese en spesialiskennis te demonstreer om navorsing op individuele, gemeenskaps- en/of interdisiplinêre vlak te onderneem deur geskikte navorsingsmetodes en tegnieke toe te pas in die identifisering, analisering en formulering van komplekse navorsingsprobleem/e in die veld van psigologie;
- b) gevorderde strategieë te demonstreer om toepaslike inligting te verkry, te analiseer en te evalueer vir die relevansie en geldigheid daarvan;
- c) toepaslike kwantitatiewe en/of kwalitatiewe navorsingsmetodes te benut om antwoorde vir navorsingsfenomene te verskaf;
- d) resultate op 'n wetenskaplike wyse te interpreteer;
- e) navorsingsbevindinge te integreer en krities daarop te reflekteer;
- f) die bevindinge mondelings te kommunikeer met die gebruik van toepaslike IT en in navorsingsverslae te skryf; en
- g) navorsing op 'n etiese en wetenskaplike wyse uit te voer en te kommunikeer.

Na suksesvolle voltooiing van die akademiese kurrikulum en 'n internskap voldoen die student aan die vereistes van die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)* en kan die student, as dit verkies word, as Navorsingsielkundiges registreer.

G.1.13.15.3.2 Samestelling van die kurrikulum : Navorsingspsigologie

Kwalifikasie- en programkode: 203 165; Kurrikulumkode: G801P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
PSYC872	Verhandeling	116
PSYC874	Kritiese navorsingsvaardighede	16
PSYC875	Kwantitatiewe navorsingsmetodes	16
PSYC876	Kwalitatiewe navorsingsmetodes	16
PSYC877	Projekbestuur	16
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

G.1.14 REÛLS VIR DIE GRAAD MAGISTER PHARMACIAE

Navorsing en opleiding met die oog op die verwerwing van hierdie kwalifikasie in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe is gestruktureer in die nisarea Medisyneverbruik in Suid-Afrika (MUSA).

Behoudens hoë uitsonderings wat deur die Senaat goedgekeur moet word, moet die navorsing wat vir hierdie kwalifikasie vereis word, binne die nisarea Medisyneverbruik in Suid-Afrika (MUSA) verrig word.

Die M Pharm graad het die opleiding van nagraadse studente ten doel om hulle te bemagtig om op 'n hoogs-gespesialiseerde vlak te kan praktiseer as aptekers om sodoende 'n doeltreffende en omvattende farmaseutiese diens aan die inwoners van Suid-Afrika te kan lewer.

G.1.14.1 Duur (minimum en maksimum duur)

Die **minimum duur** van die studie is **een jaar** en die **maksimum duur** is **drie jaar**, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program.

Alhoewel 'n maksimum akademiese tydperk van drie jaar deur die Fakulteit vergun word sal dit verswarende finansiële verpligtinge vir die student inhou reeds na afloop van die tweede studiejaar.

G.1.14.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

Toelating tot hierdie kwalifikasie geskied kragtens die Algemene reëls van die Universiteit en die Toelatingsbeleid soos deur die Senaat en Raad goedgekeur met inagneming van vereistes soos deur die fakulteit bepaal en by die onderskeie programme gespesifiseer.

G.1.14.3 Program: Farmasiepraktyk

Kwalifikasiekode: 803 104 (V + D)

Die program bestaan uit 'n navorsingsprojek in 'n navorsingsrigting, binne die navorsingentiteit, wat kulmineer in die skryf van 'n verhandeling. Algemene sluitingsdatum vir aansoeke is jaarliks op 31 Oktober waarna aansoeke op meriete gekeur sal word.

Die studie kan voltyds en deelyds onderneem word en word in Afrikaans en Engels aangebied.

G.1.14.3.1 Toelatings- en keuringsvereistes van die program

- a) 'n BPharm graad of 'n gelykwaardige kwalifikasie wat die Senaat mag goedkeur word vereis.
- b) Die akademiese rekord van voornemende voltydse studente met geen praktykervaring nie, word ge-evalueer tydens die keuringsproses. Vir voornemende deelydse studente met praktykondervinding word vorige leer en ondervinding in ag geneem. Finale keuring vind plaas na 'n onderhoud met die kandidaat.

G.1.14.3.2 Addisionele vereistes en fakulteitspesifieke reëls

- a) In die geval van 'n driejarige BSc(Farm) graad sal sodanige addisionele modulewerk vereis word soos bepaal deur die betrokke skooldirekteur.
- b) Toelating tot die program/kurrikulum kan geweier word indien die standaard van bewaamheid wat die student tevore in die betrokke vak(ke) bereik het en waarin die student verder wil studeer, nie aan die program-/kurrikulumvereistes voldoen nie.
- c) Toepaslike ervaring in die veld van die program/kurrikulum is 'n vereiste.
- d) Binne die navorsingentiteit word van elke student verwag om 'n deelnamebewys te verwerf voordat 'n verhandeling vir eksaminering ingedien kan word. Die deelnamebewys word verkry deur:
 - om die kursus wat handel oor toegepaste farmako-ekonomie en farmako-epidemiologie suksesvol te voltooi;

- om 'n biostatistiekkursus te voltooi (indien nodig, byvoorbeeld waar geen voorkennis bestaan nie);
 - om bewys te lewer van bevoegdheid rakende MS Word I en II, Excel I en II, PowerPoint en Access
 - drie colloquiums in die twee studiejare voor te berei en aan te bied:
 - 1) colloquium 1: Literatuurstudie (voordrag na 5 maande van studie)
 - 2) colloquium 2: Beplanning van empiriese studie (voordrag na ongeveer 9 maande van studie)
 - 3) colloquium 3: Volledige navorsingsprojek (voordrag in 2^{de} jaar van studie)
- e) 'n Bevredigende gedrags- en funksioneringsrekord moet op deurlopende basis deur alle studente gehandhaaf word.

G.1.14.3.3 Kurrikulum G801P: Farmasiepraktyk

G.1.14.3.3.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die student:

- a) gevorderde / omvattende spesialiskennis en vaardighede te kan demonstreer om relevante navorsingsvrae binne die veld van medisyneverbruik te identifiseer;
- b) in staat wees om 'n gepaste kwantitatiewe en/of kwalitatiewe navorsingsontwerp te beplan en uit te voer op 'n wetenskaplike en etiese wyse deur van gepaste navorsingsmetodes, -tegnieke en –prosedures gebruik te maak;
- c) navorsingsbevindinge op 'n wetenskaplik-verantwoordbare wyse te interpreteer, te integreer en op 'n wetenskaplik en etiese wyse mondeling en skriftelik in 'n navorsingsverslag die nodige inligting te kommunikeer en om 'n
- d) as leier, eties en verantwoordelik, in die aptekersprofessie op die gebied van toepaslike medisyneverbruik op te kan tree.

G.1.14.3.3.2 Samestelling van kurrikulum : Farmasiepraktyk

Kwalifikasie- en programkode: 803 104; Kurrikulumkode: G801P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FPHA872	Verhandeling: Farmasiepraktyk	148
FPHA811	Toegepaste Farmako-ekonomie	16
FPHA812	Toegepaste Farmakoepidemiologie	16
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

G.1.14.4 Program: Gevorderde Kliniese Farmasie

Kwalifikasiekode: 803105 (V + D)

Studente in die program vir Magister in Farmasie in Gevorderde Kliniese Farmasie kry die geleentheid om hulle professionele bevoegdhede met pasiëntgesentreerde sorg, apteekbestuursdienste en leierskapvaardighede verby die intreevlak te ontwikkel wat in enige situasie ongeag van die praktykopset toegepas kan word. Dit verskaf die basis vir kliniese navorsing en verleen die vaardighede wat daartoe bydra om as 'n gemotiveerde en innoverende apteker suksesvol in die gesondheidsorgomgewing te werk.

Die kursus strek oor 2 jaar en maak van sowel kontak- en afstandsonderrig gebruik. Om die doelwitte van die graad te bereik, word 'n verskeidenheid onderrigmetodes gebruik, onder meer lesings, oefeninge, opdragte, sowel as groepsbesprekings en –werk.

Die program word in vier semesters (twee studiejaar) verdeel. Die eerste twee semesters is daarop gemik om studente se kennis van die onderwerpe van die spesialisasie met kursuswerk te verbreed en behels onderrigmodules wat studente verpligtend moet bywoon. Die laaste twee semesters word aan kliniese praktykervaring, 'n navorsingsprojek en die voltooiing van 'n mini-verhandeling (in artikelformaat) oor die navorsingsprojek gewy.

Aansoeke sluit 31 Julie waarna 'n keuringsproses gedurende Augustus volg.

G.1.14.4.1 Toelatings- en keuringsvereistes van die program

- 'n Baccalaureusgraad in Farmasie (BPharm) word vereis.
- Die keuringsproses behels eerstens evaluering van die applikant se CV, voorgraadse kwalifikasie en akademiese rekord, 'n portefeulje wat bewys moet lewer van toepaslike kliniese ervaring en vaardighede in die bestuur van farmaseutiese sorg asook ten minste twee briewe van aanbeveling van 'n kollega of direkte bestuurder/toesighouer.
- Wetenskaplike artikels wat deur die applikant gepubliseer is en/of enige protokol of riglyn wat deur die aansoeker ontwikkel is sal ook in ag geneem word tydens die keuringsproses.
- Psigometriese toetse en geskrewe en persoonlike onderhoude met die programkoördineerder en nagraadse advieskomitee word tydens die keuringsproses afgeleë.
- Toelating is onderhewig aan kapasiteitsbeperkings.

G.1.14.4.2 Addisionele vereistes en fakulteitspesifieke reëls

- a) Geldige registrasie as 'n apteker by die Suid Afrikaanse Aptekersraad word vereis.
- b) Aansoekers moet bewys lewer van toepaslike kliniese ervaring en voldoende vaardighede in die bestuur van farmaseutiese sorg.
- c) Bewys van geskikte rekenaargeletterdheid of aflê van 'n vooraftoets in rekenaargeletterdheid of deur voltooiing van 'n goedgekeurde kortleerprogram in basiese rekenaar- en internetvaardighede is 'n vereiste om vir die program te kan registreer.
- d) Die slaagsyfer vir elke komponent in die kurrikulum is 60%.
- e) In die geval van plagiaat sal 'n punt van nul toegeken word.
- f) Die navorsingsprojek word onderneem met die oog op publikasie van artikels.

G.1.14.4.3 Kurrikulum G801P: Gevorderde Kliniese Farmasie

G.1.14.4.3.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die student:

- a) die proses van medikasiegebruik bestuur en verbeter deur 'n kwaliteit medikasiegebruikstelsel te verseker.
- b) bewysgebaseerde, pasiëntgesentreerde bestuur van behandeling met geneesmiddels binne multi-dissiplinêre gesondheidsorgspanne te verskaf.
- c) vaardighede vir leierskap en bestuur van kliniese praktyk deur ontwikkeling, implementering, evaluering en voorsiening van 'n plan vir farmaseutiese sorg te ontwikkel.
- d) gevorderde kliniese dienste en praktyk-verwante bewysgebaseerde inligting, opvoeding en opleiding aan verskillende spesialiste te bied.
- e) mediese informatika en kliniese oudits van medisynegebruik te bestuur en gebruik.
- f) kliniese programme (protokol en riglyne vir ontwikkeling asook beleid en prosedures) te ontwerp, implementeer en regverdig om die doeltreffendheid van pasiëntsorg te verbeter.
- g) navorsing in kliniese farmasie doen, navorsingverslae krities ontleed, eie navorsing rapporteer en navorsingsbevindings op 'n spesifieke kliniese opset toe te pas.

G.1.14.4.3.2 Samestelling van kurrikulum :

Kwalifikasie- en programkode: 803105; Kurrikulumkode: G801P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
CLNP811	Kliniese farmasie, Sosiale farmasie en Professionele praktyk	16
CLNP812	Kliniese epidemiologie, Navorsingsmetodologie, Biostatistiek en Bewysgebaseerde geneeskunde	32
CLNP813	Kliniese farmakoterapie en Bestuur van terapeutiese uitkomst I	24
CLNP814	Kliniese geneesmiddeltoksisiteit, Geneesmiddelbehandeling in onkologie en die Bestuur van middelmissbruik	16
CLNP821	Kliniese farmakoterapie en Bestuur van terapeutiese uitkomst II	40
CLNP873	Skripsie	64
Krediet totaal vir die kurrikulum		192

G.1.15 REÛLS VIR DIE GRAAD MAGISTER VERBRUIKERS-WETENSAPPE

Kurrikulums vir die bepaalde meestersgraad of die raamwerk waarbinne die kurrikulum saamgestel word, word binne die skool en die navorsingsentiteit bepaal.

Die meestersgraadstudie kan voltyds en deelyds onderneem word.

G.1.15.1 Duur (minimum en maksimum duur)

- Die **minimum duur** van die studie is **een jaar** en die **maksimum duur** is **drie jaar**, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program.
- Alhoewel 'n maksimum akademiese tydperk van drie jaar deur die Fakulteit vergun word sal dit verswarende finansiële verpligtinge vir die student inhou reeds na afloop van die tweede studiejaar.

G.1.15.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

'n Toepaslike honneursgraad of gelykwaardige kwalifikasie soos deur die Senaat goedgekeur.

G.1.15.3 Program: Verbruikerswetenskappe

Kwalifikasiekode: 836 100 (V + D) (Verbruikerswetenskappe)

Sluitingsdatum vir aansoek is 30 September.

G.1.15.3.1 Toelatings- en keuringsvereistes van die program

- Algemene toelatingsvereistes soos in par G.1.15.2. uiteengesit geld.

G.1.15.3.2 Addisionele vereistes en fakulteitspesifieke reëls

- a) Toelating is gebaseer op die student se voorafgaande akademiese prestasie.
- b) 'n Gemiddelde akademiese punt van minstens 60% behaal in die honneursprogram of gelykwaardige vierjarige B Verbruikerswetenskapeprogram, word vereis.
- c) STTN111(Beskrywende Statistiek) of 'n gelykwaardige kursus/module word as 'n voor- of newevereiste gestel in geval van projekte wat kwantitatiewe metodes en resultaatbewerkings vereis.
- d) Die module VVBG671 word vereis vir toelating tot die program.
- e) Studente wat nie aan die toelatingsvereistes voldoen nie word toegelaat om 'n toelatingseksamen in die modules te skryf wat geslaag moet word voor finale toelating.
- f) Studente sal slegs tot die program toegelaat word indien voldoende kapasiteit beskikbaar is.

G.1.15.3.3 Kurrikulums G880P en G881P: Verbruikerswetenskappe

'n Student kan in oorleg met die skooldirekteur en die studieleier kies tussen 'n kurrikulum bestaande uit 'n verhandeling en een vraestel óf 'n kurrikulum bestaande uit 'n skripsie en twee vraestelle.

Die keuse van die spesialisingsrigting sal die keusemodule bepaal. Indien die nodige onderbou nie op NKR (NQF) vlak 8 geslaag is nie, kan dit tot bevrediging van die skooldirekteur bygewerk word voordat die student met die navorsingsprojek kan voortgaan.

G.1.15.3.3.1 Kurrikulumuitkomst

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die student in staat te wees om:

- a) Deur uitgebreide en sistematiese kennisbasisse van Verbruikersgedrag, in diepte en spesifieke kennis te demonstreer;
- b) 'n Koherente en kritiese begrip van verbruikersgedragteorie en toepaslike navorsingsmetodes te toon, asook tegnieke en tegnologie te herken en op spesifieke navorsingsprobleem in 'n spesifieke area toe te pas.
- c) Komplekse en lewenswerklike probleme te selekteer en vanuit 'n etiese grondslag te benader en vraagstukke op te los, met bewysgelewerde en teorie gedrewe argumente te demonstreer en die gespesialiseerde kennis en vaardighede binne ander akademiese omgewings krities te evalueer, aan te voer en te verdedig binne 'n bepaalde kennisleer;
- d) Die toepassing van gepaste navorsingsmetodes te bemeester, tegnieke en tegnologie effektief toe te pas binne 'n bepaalde spesialisingsveld en die vermoë openbaar om 'n navorsingsprojek uit te voer en dienooreenkomstig in die vorm van 'n navorsingsverslag op te skryf;
- e) Die vermoë te toon om 'n komplekse navorsingsprobleem te identifiseer, analiseer deur sistematies en kreatief gebruik te maak van teorie, literatuur en navorsingsmetodes binne die spesialis area.

- f) Gevorderde inligtingsoektogte en prosesseringsvaardighede te illustreer, identifisering en kritiese analise, sintese en onafhanklike evaluasie van kwalitatiewe en/of kwantitatiewe data te illustreer en in staat wees om 'n area van spesialisasie onder leiding van 'n studieleier na te vors.
- g) Resultate van verbruikersgedrag navorsing effektief oor die betrokke spesialisarea aan kenners van die area en nie-kenners voor te dra en te kommunikeer deur gebruik te maak van toepaslike professionele en akademiese hulpbronne sowel as om 'n navorsingsverslag wat aan die standaard van die betrokke akademiese instansie voldoen te lewer.

G.1.15.3.3.2 Samestelling van kurrikulums : Verbruikerswetenskappe

Kwalifikasie- en programkode: 836 100; Kurrikulumkode: G880P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VERB871	Verhandeling	184
Kredietotaal vir die kurrikulum		184

Kwalifikasie- en programkode: 836 100; Kurrikulumkode: G881P

Modulekode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
VERB873	Skripsie		96
VERB876	Verbruikersgedrag en Navorsingsmetodologie		40
Keusemodules: Kies een van die volgende:			
VGHB874	Gevorderde Verbruikershulpbronbestuur	VGHB671 VGHB672 VGHB673	48
VKLE874	Gevorderde Tekstiele	VKLE671	48
VKLE878	Gevorderde Modebedryf	VKLE672	48
VVDL874	Gevorderde Voedsel	VVDL672 VVDL673	48
Kredietotaal vir die kurrikulum			184

Nota: VERB876 bestaan uit Verbruikersgedrag (24 krediete) en Navorsingsmetodologie (16 krediete).

G.1.16 REÛLS VIR DIE GRAAD MAGISTER IN MAATSKAPLIKE WERK

Kurrikulums vir die bepaalde meestersgraad of die raamwerk waarbinne die kurrikulums saamgestel word, word binne die skool en die navorsingsentiteit bepaal.

Navorsing en opleiding met die oog op die verwerwing van hierdie kwalifikasie in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe is gestruktureer in die navorsingseenheid AUTHeR.

Navorsing en opleiding in Maatskaplike Werk geskied onder leiding van die navorsingsdirekteur bygestaan deur die direkteur van die Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe en personeel van die vakgroep Maatskaplike Werk.

Behoudens hoë uitsonderings wat deur die Senaat goedgekeur moet word, moet die navorsing wat vir hierdie kwalifikasie vereis word, dus binne die navorsingseenheid AUTHeR verrig word.

G.1.16.1 Duur (minimum en maksimum duur)

- a) Die meestersgraadstudie kan voltyds en deelyds onderneem word.
- b) Die **minimum duur** van die studie is **een jaar** en die **maksimum duur** is **drie jaar**, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program.
- c) Alhoewel 'n maksimum akademiese tydperk van drie jaar deur die Fakulteit vergun word sal dit verswarende finansiële verpligtinge vir die student inhou reeds na afloop van die tweede studiejaar.

G.1.16.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

- a) 'n Vierjarige Baccalareus Maatskaplike Werk kwalifikasie of gelykwaardige kwalifikasie in gevalle waar dit gespesifiseer is, word vereis.
- b) Studente wat vir hierdie studieprogram inskryf **moet** bewys lewer van registrasie as Maatskaplike Werker soos vereis deur die Wet op Maatskaplike Diensberoepe 1978 (Wet 110 van 1978).

G.1.16.3 Maatskaplike werk programme

- a) Die student oefen 'n keuse uit tussen drie kurrikulums wat bestaan uit 'n verhandeling of een van drie gedoseerde kursusse.
- b) Die verhandelingsopsie is gerig op studente wat navorsing wil onderneem oor 'n onderwerp van eie keuse wat binne die navorsingseenheid van die Vakgroep Maatskaplike Werk en die Fakulteit Gesondheidswetenskappe val.
- c) Die gedoseerde kurrikulums is gerig op studente wat of sy kennisbasis en vaardighede in maatskaplike werk oor 'n breë front wil uitbrei ten einde op 'n gevorderde vlak te praktiseer of in Maatskaplike Werk in **Forensiese Praktijk** of **Kinderbeskerming** wil spesialiseer.
- d) Die gedoseerde kurrikulums is ook toeganklik vir geselekteerde studente uit aanverwante vakgebiede wat belang by die Maatskaplike Werk diensterrein het.

G.1.16.4 Gemeenskaplike uitkomst vir die Maatskaplike Werk programme

Die student sal vaardig wees in:

- a) die benutting van die ekosisteembenadering in navorsing en die oplos van 'n verskeidenheid van maatskaplike probleme en behoeftes;
- b) die verantwoordelike en effektiewe organisering en bestuur van die self, sy/haar aktiwiteite en sy/haar dienste;
- c) effektiewe kommunisering waar visuele, matematiese en taalvaardighede binne die sfeer van maatskaplikewerk-navorsing en –dienste vereis word;
- d) die effektiewe en kritiese benutting van wetenskap en tegnologie; en
- e) die maak van 'n bydrae tot die volledige ontwikkeling van hom/haarself en die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van die gemeenskap as geheel.

G.1.16.5 Program: Maatskaplike Werk

Kwalifikasiekode: 113 104 (V + D) (Maatskaplike Werk)

Die voltooiing van hierdie kwalifikasie verleen aan studente toegang tot doktorsale studie.

Sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September.

G.1.16.5.1 Toelatings- en keuringsvereistes van die program

- a) 'n Vierjarige Baccalareus Maatskaplike Werk kwalifikasie word vereis.
- b) Studente wat vir hierdie kwalifikasie inskryf moet 'n toelatingseksamen aflê waarvoor bepaalde materiaal voorberei moet word.
- c) Daar word met elke voornemende student 'n in-diepte gesprek gevoer aan die hand van 'n stel kriteria wat verband hou met algemene standaarde ten opsigte van nagraadse studente.
- d) Keuring neem aanvang op 1 Oktober.

G.1.16.5.2 Addisionele vereistes en fakulteitspesifieke reëls

- a) In individuele gevalle kan daar van voornemende studente verwag word om 'n Talps (Test for Academic Literacy for Post graduate students) af te lê.
- b) Studente wat vir hierdie studieprogram inskryf moet bewys lewer van registrasie as Maatskaplike Werker soos vereis deur die Wet op Maatskaplike Diensberoep 1978 (Wet 110 van 1978).

G.1.16.5.3 Kurrikulum G801P: Maatskaplike Werk

G.1.16.5.3.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van die verhandeling sal die student bevoeg wees om:

- a) 'n navorsingsprobleem in maatskaplike werk te identifiseer wat in ooreenstemming is met die navorsingseenheid van die Skool vir Psigo-sosiale Gedragwetenskappe;
- b) 'n navorsingsontwerp en –prosedure te formuleer en toe te pas;
- c) die navorsingsresultate in die vorm van 'n verhandeling van hoë gehalte weer te gee; en
- d) in die navorsingsproses effektief saam te werk met mede-navorsers en navorsingspanne, respondente, organisasies en gemeenskappe.

G.1.16.5.3.2 Samestelling van die kurrikulum : Maatskaplike Werk

Kwalifikasie- en programkode: 113 104; Kurrikulumkode: G801P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MWKN 871	Verhandeling	180
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

G.1.16.6 Program: Kinderbeskerming

Kwalifikasiekode: 113 108 (V + D) (Kinderbeskerming)

Die voltooiing van hierdie kwalifikasie verleen aan studente toegang tot doktorsale studie in maatskaplike werk.

Sluitingsdatum vir aansoeke is as volg:

Kurrikulum G801P: Kinderbeskerming - 30 September

G.1.16.6.1 Toelatings- en keuringsvereistes van die program

- a) 'n Vierjarige Baccalareus Maatskaplike Werk kwalifikasie of enige ander kwalifikasie wat deur die Senaat as gelykwaardig beskou word, word vereis.
- b) Daar word met elke voornemende student 'n in-diepte gesprek gevoer aan die hand van 'n stel kriteria wat verband hou met algemene standaarde ten opsigte van nagraadse studente en vakgebied Maatskaplike Werk.
- c) In individuele gevalle waar dit geregverdig geag word, kan dit van studente verwag word om 'n skriftelike toelatingseksamen af te lê, waarvoor bepaalde materiaal voorberei moet word.
- d) In individuele gevalle kan daar van voornemende studente verwag word om 'n Talps (Test for Academic Literacy for Post graduate students) af te lê.
- e) Toelating sal oorweeg word met inagneming van die student se vorige leer en akademiese prestasies asook ervaring in die veld.

G.1.16.6.2 Addisionele vereistes en fakulteitspesifieke reëls

Studente wat vir hierdie studieprogram inskryf **moet** bewys lewer van registrasie as Maatskaplike Werker soos vereis deur die Wet op Maatskaplike Diensberoep 1978 (Wet 110 van 1978).

G.1.16.6.2.1 Kurrikulum G801P: Kinderbeskerming

G.1.16.6.2.2 Kurrikulumuitkomste

Na ahandeling van die program behoort die student in staat wees om:

- a) Uitgebreide en sistematiese spesialiskennis t.o.v. die Suid-Afrikaanse kinderbeskermingsstelsel- en veld, asook van verskillende vorme van alternatiewe versorging van kinders eties verantwoordbaar op makro-, meso- en mikrovlak te kan toepas ten einde kinders te beveilig en te bemagtig;
- b) die vermoë te demonstreer om gevorderde inligtingsversameling- en inligtingsverwerkingsstrategieë, asook kritiese analisering, sintese en evaluering toe te pas om oplossings vir komplekse en werklikheidsgetroue probleme in die veld van kinderbeskerming te debatteer, ondersteun deur toepaslike teorieë en beginsels;

- c) komplekse, onbekende en werklikheidsgetroue probleme in die veld van kinderbeskerming te identifiseer, en met behulp van toepaslike navorsingsmetodes, tegnieke en prosedures te ondersoek, en bewysgebaseerde, teoriegedrewe oplossings in die vorm van 'n begeleide navorsingskripsie te bied
- d) toepaslike intervensies op mikro- mezzo- en makrovlak kan beplan, implementeer en evalueer.

G.1.16.6.2.3 Samestelling van die kurrikulum : Kinderbeskerming

Kwalifikasie- en programkode: 113 108; Kurrikulumkode: G801P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MWKK873	Navorsingskripsie	60
MWKK874	Kinderbeskerming as diensveld	20
MWKK875	Kinders as kwetsbare groep	20
MWKK876	Maatskaplike werk intervensie in die kinderbeskermingsveld	24
MWKK877	Substituutversorging in Suid-Afrika	24
MWKF880	Maatskaplike Werk Navorsing: Teorie	32
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

G.1.16.6.2.4 Kurrikulum G802P: Speltherapie

Kennisgewing: Hierdie kurrikulum fasseer uit en geen nuwe studente sal ingeneem word vir 2014 nie. (Sien die nuwe program in Speltherapie: Programkode 113110 vir inname in 2014)

Kwalifikasiekode: 113 108 (Speltherapie)

G.1.16.6.2.5 Toelatings- en keuringsvereistes van die kurrikulum Speltherapie

- a) 'n Vierjarige Baccalareus Maatskaplike Werk kwalifikasie of enige ander kwalifikasie wat deur die Senaat as gelykwaardig beskou word, word vereis.
- b) Assessering geskied tydens 'n persoonlike onderhoud wat met kandidate gevoer word.
- c) Oorweging van verwysingsbriewe van referente wat deur die kandidaat voorgeleë word.
- d) Aflegging van psigometriese toetse, en
- e) oorweging van die kandidaat se ervaring in die veld.
- f) Dit word sterk aanbeveel dat die student moet bewys lewer van immunisering teen Hepatitis B.

G.1.16.6.2.6 Kurrikulumuitkomst

Na afhandeling van hierdie kurrikulum behoort die student in staat te wees om

- a) Uitgebreide en sistematiese spesialiskennis, begrip en vaardighede te demonstreer van toepaslike teorieë, tegnieke en mediums eie aan Speltherapie met kinders, en dit te kan toepas op 'n etiese verantwoordelike en kultuur sensitiewe wyse om hulpverleningstrategieë

en intervensie op mikro-, meso- en makrovlak vir kinders te ontwikkel, te evalueer en op professionele wyse te dokumenteer in 'n verslag van toepaslike formaat;

- b) Die vermoë te demonstreer om inligting oor die kind binne sy/haar psigososiale konteks in te samel, te verwerk, te sintetiseer en te evalueer;
- c) Gevorderde navorsingsvaardighede te besit ten einde 'n komplekse werklikheidsgetroue probleem binne die psigososiale konteks van die kind te identifiseer op die gebied van Speltherapie, wat aangewend word om toepaslike inligting en data te versamel, dit krities te analiseer, te integreer en bevindinge en oplossings eties en verantwoordelik skriftelik, onder begeleiding van 'n studieleier in die vorm van 'n skripsie, in 'n formaat soos deur die NWU voorgeskryf, te kommunikeer;
- d) Vaardighede te demonstreer om in 'n groep met professionele kollegas saam te werk in die identifisering en hantering van probleme rakende die kind binne sy/haar psigososiale konteks en skriftelike en mondeling verslag te kan doen aan eweknieë met die hulp van toepaslike inligtingstegnologie.

G.1.16.6.2.7 **Samestelling van die Kurrikulum; Speltherapie**

Kwalifikasie en programkode:113 108 Kurrikulumkode G802P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MWKS873	Navorsingskripsie	60
MWKS811	Basiese beginsels, teorieë en filosofie van Gestalt Speltherapie	20
MWKS875	Die terapeutiese verhouding en proses in Gestalt Speltherapie	20
MWKS821	Gestalt Speltherapie: Gevorderde intervensie	16
MWKS877	Praktykgerigte benutting van Gestalt Speltherapie	32
MWKF880	Maatskaplike Werk Navorsing Teorie	32
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

G.1.16.7 Program: Forensiese Praktyk

Kwalifikasiekode: 113 109 (V + D) (Forensiese Praktyk)

Die voltooiing van hierdie kwalifikasie verleen aan studente toegang tot doktorsale studie in maatskaplike werk.

Sluitingsdatum vir aansoek is 30 September.

G.1.16.7.1 Toelatings- en keuringsvereistes van die program

- a) 'n Vierjarige Baccalareus Maatskaplike Werk kwalifikasie of enige ander kwalifikasie wat deur die Senaat as gelykwaardig beskou word, word vereis.
- b) Daar word met elke voornemende student 'n in-diepte gesprek gevoer aan die hand van 'n stel kriteria wat verband hou met algemene standaarde ten opsigte van nagraadse studente en die forensiese veld in Maatskaplike Werk.

- c) In individuele gevalle waar dit geregverdig geag word, kan dit van studente verwag word om 'n skriftelike toelatingseksamen af te lê, waarvoor bepaalde materiaal voorberei moet word.
- d) Finale toelating is onderhewig aan vorige leer, akademiese prestasie en ervaring in die veld.

G.1.16.7.2 Addisionele vereistes en fakulteitspesifieke reëls

Studente wat vir hierdie studieprogram inskryf **moet** bewys lewer van registrasie as Maatskaplike Werker soos vereis deur die Wet op Maatskaplike Diensberoepe 1978 (Wet 110 van 1978).

G.1.16.7.2.1 Kurrikulum G801P: Forensiese Praktijk

G.1.16.7.2.2 Kurrikulumuitkomst

Na ahandeling van die program moet studente in staat wees om:

- a) Aan die hand van omvattende teoretiese kennis 'n volledige forensiese ondersoekproses te kan bestuur en deurvoer wat insluit die evaluering van kinders in traumatiese lewenswerklike situasies asook die beplanning van intervensies in die begeleidingsproses
- b) Die kennis wat hy/sy dra van die toepaslike wetgewing reg aan te wend en as deskundige rakende seksuele misbruik in die hof eties en korrek te kan optree, en
- c) Aan die hand van toepaslike tegnieke en metodes 'n praktykverwante navorsingsprojek te kan onderneem en in die vorm van 'n artikel verslag daaroor te doen.

G.1.16.7.2.3 Samestelling van die kurrikulum : Forensiese Praktijk

Kwalifikasie- en programkode: 113 109; Kurrikulumkode: G801P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MWKF873	Navorsingskripsie (Semesters 1 en 2)	60
MWKF876	Algemene Kinderassessering (Semester 1)	24
MWKF877	Seksuele misbruik en fisiese mishandeling (Semester 1)	24
MWKF878	Trauma assessering en ondersoekproses (Semester 2)	24
MWKF879	Verslagskrywing en maatskaplike werker as deskundige in die hof (Semester 2)	24
MWKF880	Maatskaplike Werk Navorsing: Teorie (Semesters 1 en 2)	32
Krediet totaal vir die kurrikulum		188

G.1.16.8 Program: Speltherapie

Kwalifikasiekode: 113 110 (V + D)

Die doel van die program is om die maatskaplike werker as praktisyn te bemagtig en by te dra tot die bevordering van 'n maatskaplike werk kennisbasis deur gebruik van toepaslike navorsingsmetodes, tegnieke en prosedures. Daar word ook gepoog om leierskap in die onderskeie areas van maatskaplike werk praktyke te vestig asook noodsaaklike kliëntediens te lewer.

G.1.16.8.1 Toelatings- en keuringsvereistes van die program

- a) 'n Vierjarige Baccalareus Maatskaplike Werk kwalifikasie of ander kwalifikasie wat deur die Senaat as gelykwaardig beskou word, word vereis.
- b) Assessering geskied tydens 'n persoonlike onderhoud wat met kandidate gevoer sal word.
- c) Die kandidaat se ervaring in die veld asook verwysingsbriewe van referente wat deur die kandidaat voorgelê word, sal oorweeg word.
- d) Psigometriese toetse word afgeneem.

G.1.16.8.2 Addisionele vereistes en fakulteitspesifieke reëls

- a) Studente wat vir hierdie studieprogram inskryf **moet** bewys lewer van registrasie as Maatskaplike Werker soos vereis deur die Wet op Maatskaplike Diensberoepe 1978 (Wet 110 van 1978).
- b) Dit word sterk aanbeveel dat die student moet bewys lewer van immunisering teen Hepatitis B.

G.1.16.8.2.1 Kurrikulum G801P: Speltherapie

G.1.16.8.2.2 Kurrikulumuitkomste

Na afhandeling van hierdie kurrikulum behoort die student in staat te wees om:

- a) Uitgebreide en sistematiese spesialiskennis, begrip en vaardighede te demonstreer van toepaslike teorieë, tegnieke en mediums eie aan Speltherapie met kinders, en dit te kan toepas op 'n etiese verantwoordelike en kultuur sensitiewe wyse om hulpverleningstrategieë en intervensie op mikro-, meso- en makrovlak vir kinders te ontwikkel, te evalueer en op professionele wyse te dokumenteer in 'n verslag van toepaslike formaat;
- b) Die vermoë te demonstreer om inligting oor die kind binne sy/haar psigososiale konteks in te samel, te verwerk, te sintetiseer en te evalueer;
- c) Gevorderde navorsingsvaardighede te besit ten einde 'n komplekse werklikheidsgetroue probleem binne die psigososiale konteks van die kind te identifiseer op die gebied van Speltherapie, wat aangewend word om toepaslike inligting en data te versamel, dit krities te analiseer, te integreer en bevindinge en oplossings eties en verantwoordelik skriftelik, onder begeleiding van 'n studieleier in die vorm van 'n skripsie, in 'n formaat soos deur die NWU voorgeskryf, te kommunikeer;

- d) Vaardighede te demonstreeer om in 'n groep met professionele kollegas saam te werk in die identifisering en hantering van probleme rakende die kind binne sy/haar psigososiale konteks en skriftelike en mondeling verslag te kan doen aan eweknieë met die hulp van toepaslike inligtingstechnologie.

G.1.16.8.2.3 Samestelling van die kurrikulum : Spel terapie

Kwalifikasie- en programkode: 113 110; Kurrikulumkode: G801P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MWKP873	Navorsingskripsie	60
MWKP811	Basiese beginsels, teorieë en filosofie van Spel terapie	22
MWKP812	Die kind as kliënt	22
MWKP813	Spel terapie intervensie met kinders	22
MWKP821	Gemeenskapsgebaseerde spel terapie intervensie	22
MWKP880	Navorsingsteorie en gemeenskapsinteraksie	32
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

G.1.17 REÛLS VIR DIE GRAAD MAGISTER CURATIONIS

Navorsing en opleiding met die oog op die verwerwing van hierdie kwalifikasie in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe is gestruktureer in die Skool vir Verpleegkunde en in die navorsingsfokusarea INSINQ (Kwaliteit in Verpleging en Vroedvrouorg).

Navorsing en opleiding in die verskillende programme hieronder aangedui, geskied onder leiding van die direkteur die navorsingsfokusarea INSINQ terwyl die getruktureerde modules in die Skool van Verpleegkunde in samewerking met die personeel van die onderskeie vakgroepe bestuur word.

Die volgende kurrikulums kan gekies word: Gesondheidsdiensbestuur; Gesondheidswetenskaponderwys; Professionele Verpleegkunde; Gemeenskapsverpleegkunde; Psigiatrisie Verpleegkunde en Verpleegkunde.

Die meestersgraadstudie kan voltyds en deelyds onderneem word.

G.1.17.1 Duur (minimum en maksimum duur)

- Die **minimum duur** van die studie is **een jaar** en die **maksimum duur** is **drie jaar**, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program.
- Alhoewel 'n maksimum akademiese tydperk van drie jaar deur die Fakulteit vergun word sal dit verswarende finansiële verpligtinge vir die student inhou reeds na afloop van die tweede studiejaar.

G.1.17.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

'n Vierjarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde of enige ander kwalifikasie wat deur die Senaat as gelykwaardig geag word. Spesifieke

toelatingsversiestes vir die betrokke kurrikulums in hierdie program word hieronder vermeld.

G.1.17.3 Gemeenskaplike uitkomst

Na afhandeling van hierdie kurrikulum behoort die student in staat te wees om:

- Spesialis kennis te demonstree ten einde om te gaan met en kritiek te lewer op huidige navorsing of praktyk sowel as gefokusde navorsing in die velde van verpleging en/of Gesondheidswetenskap;
- huidige prosesse van kennisuitbreiding (production) te evalueer en 'n geskikte navorsingsproses te kies vir die area van studie of praktyk;
- geskikte en kreatiewe navorsingsmetodes, tegnieke, prosesse of tegnologie te ontwerp, kies en toe te pas om probleme in die velde van Verpleging en/of Gesondheidswetenskap na te vors;
- 'n verskeidenheid van navorsingsvaardighede in die identifisering, konseptualisering, ontwerp en implementering van navorsingsmetodes te gebruik om gekompliseerde en uitdagende probleme in die velde van Verpleging en/of Gesondheidswetenskap aan te spreek;
- etiese besluite wat navorsing raak selfstandig te neem, en die vermoë te hê om krities by te dra tot die ontwikkeling van etiese standaarde in die konteks van verpleging en/of gesondheidswetenskap;
- 'n strategie vir die verwerking en bestuur van inligting te ontwerp en implementeer om 'n volledige oorsig van die belangrikste en nuutste navorsing te kan doen om beduidende insig te produseer;
- bronne van akademiese en professionele of beroepverwante diskoerse te gebruik om beduidende idees wat spruit uit navorsing of ontwikkelings in verpleging en/of gesondheidswetenskap te kommunikeer en te verdedig en om 'n verskeidenheid gevorderde en gespesialiseerde vaardighede en diskoerse doelmatig aan te wend in 'n veld, dissipline of praktyk,
- met 'n verskeidenheid gehore met verskillende vlakke van kennis en kundigheid, te kommunikeer;
- sy of haar eie leerstyl te ontwikkel om onafhanklike leer en akademiese of professionele ontwikkeling vol te hou en effektief binne die leer-of professionele groep om te gaan om leer te versterk; en
- om onafhanklik te funksioneer en volle verantwoordelikheid te neem vir sy of haar eie werk en waar gepas, leiding te neem en prosesse te inisieer en sisteme te implementeer, om goeie batebestuur en bestuurspraktyke te verseker.

G.1.17.4 Program : Navorsingsmeestersgraad (Verhandeling)

Kwalifikasiekode: 833 100 (V + D)

Die gekwalifiseerde student behoort in staat te wees om effektief as 'n leier en 'n onafhanklike praktisyn te praktiseer, saam met ander multi-dissiplinêre spanlede, binne die gesondheidsorgsisteem. As leier behoort hy/sy in staat te wees om, op grond van roeping, professionele, omvattende, hoë kwaliteit, wetenskaplik gefundeerde gesondheidsorg te praktiseer. Hierdie

gesondheidsorg behoort in die behoeftes van die tyd, die provinsie, die land en die persoon te kan voorsien. Dit behoort gerig te wees op diens, omgee, kultuursensitiwiteit en gebaseer wees op die primêre gesondheidsbenadering. Die meestersvoorbereide praktisyn behoort 'n deurlopende strewe na persoonlike en professionele groei en gesondheid te ervaar, asook die pasiënt se strewe na gesondheidsorg te fasiliteer.

Hierdie program sluit die kurrikulums vir Gemeenskapsverpleegkunde, Gesondheidsdiensbestuur, Gesondheidswetenskaponderwys, Professionele Verpleegkunde en Verpleegkunde in.

Sluitingsdatum vir aansoek is 31 Oktober.

G.1.17.4.1 Toelatings- en keuringsvereistes van die program

Studente moet bewys lewer dat 'n eerste Baccalareusgraad of ekwivalente kwalifikasie¹ verwerf is.

G.1.17.4.2 Addisionele vereistes en fakulteitspesifieke reëls

- a) Studente moet aan die begin van elke studiejaar bewys lewer van registrasie as Verpleegkundige by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging, indien hy/sy in Suid-Afrika as verpleegkundige praktiseer.
- b) Om in enige van die verpleegkundige programme/kurrikulums te spesialiseer moet 'n student bewys lewer van die besondere registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging of ekwivalente registrasie indien die student nie 'n Suid-Afrikaanse burger² is nie.
- c) Om tot **enige van die programme/kurrikulums** toegelaat te word, moet 'n student ten minste **60% in die finale modules** van die Baccalareus graad of ekwivalente kwalifikasie behaal. Die student word aan 'n keuringsproses onderwerp wat op 1 November aanvang neem en waartydens die navorsingsdirekteru en spesialiste van die bepaalde studierigting/program teenwoordig is.
- d) Suksesvolle voltooiing van die module Navorsingsmetodologie (VPKN874), asook die aanbied van 'n aanvaarbare navorsingsvoorstel word as voorvereiste gestel vir vordering na die tweede studiejaar. Studente wie nie aan die kriteria voldoen nie se studies sal getermineer word.

Verdere bepalinge in die bepaalde kurrikulum:

a) Gemeenskapsverpleegkunde

'n Student wat in Gemeenskapsverpleegkunde wil spesialiseer moet beskik oor 'n vierjarige Baccalareusgraad in Verpleegkunde met Gemeenskapsverpleegkunde as hoofvak **of** 'n driejarige Baccalareusgraad in Verpleegkunde met Gemeenskapsverpleegkunde as hoofvak **en** 'n Diploma in Gemeenskapsverpleegkunde.

b) Gesondheidsdiensbestuur

'n Student wat in Gesondheidsdiensbestuur wil spesialiseer moet beskik oor 'n vierjarige Baccalareusgraad in Verpleegkunde **of** 'n driejarige Baccalareusgraad in Verpleegkunde met Verpleegbestuur as hoofvak **en** 'n Diploma in Verpleegbestuur.

c) Gesondheidswetenskaponderwys

'n Student wat in Gesondheidswetenskaponderwys wil spesialiseer moet beskik oor 'n vierjarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde **of** 'n driejarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde met Verpleegonderwys as hoofvak **en** 'n Diploma in Verpleegonderwys.

d) Professionele Verpleegkunde

'n Student wat in Professionele Verpleegkunde wil spesialiseer moet oor 'n drie- **of** vierjarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde beskik.

e) Verpleegkunde

'n Student wat hierdie kurrikulum volg moet beskik oor 'n drie- of vierjarige Baccalaureus graad in Verpleegkunde met 'n minimum van 60% **gemiddeld** in die finale studiejaar.

G.1.17.4.3 Kurrikulum G830P: Gemeenskapsverpleegkunde

G.1.17.4.3.1 Kurrikulumuitkomst

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die student in staat te wees om die lewenskwaliteit van die persoon, gesin en/of die gemeenskap te fasiliteer deur die uitvoering van navorsing wat tot wetenskaplik gegronde praktyke bydra naamlik bevordering, instandhouding en herstel van gesondheid binne 'n gemeenskapsgesentreerde, kultuursensitiewe benadering .

G.1.17.4.3.2 Samestelling van die kurrikulum : Gemeenskapsverpleegkunde

Kwalifikasie- en programkode: 833 100; Kurrikulumkode: G830P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VPGV872	Verhandeling:Gemeenskapsverpleegkunde	152
VPKN874	Navorsingsmetodologie	32
Krediet totaal vir die kurrikulum		184

G.1.17.4.4 Kurrikulum G831P : Gesondheidsdiensbestuur

G.1.17.4.4.1 Kurrikulumuitkomst

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die student in staat te wees om gesondheidsdienste op 'n gemeenskapsgesentreerde, kultuursensitiewe wyse te bestuur met die doel om die persoon, gesin en/of gemeenskap se gesondheid te fasiliteer.

G.1.17.4.4.2 Samestelling van die kurrikulum : Gesondheidsdiensbestuur

Kwalifikasie- en programkode: 833 100; Kurrikulumkode: G831P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VPBV872	Verhandeling: Gesondheidsdiensbestuur	152
VPKN874	Navorsingsmetodologie	32
Krediet totaal vir die kurrikulum		184

G.1.17.4.5 Kurrikulum G832P : Gesondheidswetenskaponderwys

G.1.17.4.5.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die student in staat te wees om op 'n gemeenskapsgesentreerde kultuursensitiewe wyse deur gesondheidswetenskaponderwys die lewenskwaliteit van die persoon, gesin en/of gemeenskap te fasiliteer.

G.1.17.4.5.2 Samestelling van die kurrikulum : Gesondheidswetenskaponderwys

Kwalifikasie- en programkode: 833 100; Kurrikulumkode: G832P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VPKN874	Navorsingsmetodologie	32
VPOV872	Verhandeling: Gesondheidswetenskaponderwys	152
Krediet totaal vir die kurrikulum		184

G.1.17.4.6 Kurrikulum G833P: Professionele Verpleegkunde

G.1.17.4.6.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die student in staat te wees om die lewenskwaliteit van die pasiënt te fasiliteer deur gesondheid, binne 'n gemeenskapsgesentreerde kultuursensitiewe benadering, te bevorder, in stand te hou en te herstel.

G.1.17.4.6.2 Samestelling van die kurrikulum : Professionele Verpleegkunde

Kwalifikasie- en programkode: 833 100; Kurrikulumkode: G833P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VPKN874	Navorsingsmetodologie	32
VPKV872	Verhandeling: Professionele Verpleegkunde	152
Krediet totaal vir die kurrikulum		184

G.1.17.4.7 Kurrikulum G836P: Verpleegkunde

G.1.17.4.7.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die student in staat te wees om die lewenskwaliteit van die pasiënt te fasiliteer deur gesondheid binne 'n gemeenskapsgesentreerde kultuursensitiewe benadering te bevorder, in stand te hou en te herstel.

G.1.17.4.7.2 Samestelling van die kurrikulum : Verpleegkunde

Kwalifikasie- en programkode: 833 100; Kurrikulumkode: G836P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VPKN874	Navorsingsmetodologie	32
VPVV872	Verhandeling: Verpleegkunde	152
Krediet totaal vir die kurrikulum		184

G.1.17.5 Program: Gestruktureerde Meestersgraad (Skripsie)

Kwalifikasiekode: 833 100 (V + D)

Die student kan na voltooiing van die graad aansoek doen om as verpleegspesialis, as gevorderde verpleegkundige by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging te registreer. Hy/sy behoort in staat te wees om effektief as 'n leier, navorsers en 'n onafhanklike praktisyn te praktiseer, saam met ander multi-dissiplinêre spanlede, binne die gesondheidsorgsisteem. As 'n leier behoort hy/sy in staat te wees om navorsing te doen en professionele, omvattende, hoë kwaliteit, wetenskaplik gefundeerde verpleegkunde te praktiseer. Hierdie verpleging behoort in die behoeftes van die tyd, die provinsie en die persoon te kan voorsien. Dit sal gerig wees op diens, omgee, kultuursensitiwiteit en gebaseer wees op die primêre gesondheids-benadering. Die verpleegspesialis behoort 'n deurlopende strewe na persoonlike en professionele groei en gesondheid te handhaaf, asook die pasiënt se strewe na gesondheid te fasiliteer.

Hierdie program sluit Psigiatrisie Verpleegkunde asook Verloskunde en Neonatologiese Verpleegkunde in. **(Die huidige kurrikulum in Verloskunde en Neonatologiese Verpleegkunde word nie in 2014 aangebied nie.)**

Sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober.

G.1.17.5.1 Toelatings- en keuringsvereistes van die program

- a) Studente moet bewys lewer dat 'n Baccalaureus graad in Verpleegkunde of 'n ekwivalente kwalifikasie' reeds verwerf is.
- b) Die student word aan 'n keuringsproses onderwerp.

G.1.17.5.2 Addisionele vereistes en fakulteitspesifieke reëls

- a) Studente moet aan die begin van elke studiejaar bewys lewer van registrasie as Verpleegkundige by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging, indien hy/sy in Suid-Afrika as verpleegkundige praktiseer;
- b) Om in enige van die verpleegkundige programme/kurrikulums te spesialiseer moet 'n student bewys lewer van die besondere registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging of ekwivalente registrasie indien hy/sy nie 'n Suid-Afrikaanse burger² is nie;
- c) Om tot **enige van die programme/kurrikulums toegelaat** te word, moet 'n student **ten minste 60% in die finale modules** van die Baccalaureus graad of ekwivalente kwalifikasie behaal, asook ten minste 60% in 'n module in navorsingsmetodologie op baccalaureusgraadvlak.
- d) Die suksesvolle voltooiing van Navorsingsmetodologie (VPKN874) word as voorvereiste gestel vir vordering na die tweede studiejaar. Studente wie nie aan die kriteria voldoen nie se studies sal getermineer word.

Verdere bepalinge in die bepaalde kurrikulum:

a) Psigiatrisie Verpleegkunde

'n Student wat in Psigiatrisie verpleegkunde wil spesialiseer moet beskik oor 'n vierjarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde met Psigiatrisie Verpleegkunde as hoofvak **of** 'n driejarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde **en** 'n Diploma in Psigiatrisie Verpleegkunde.

Die student word ook aan psigometriese toetsing onderwerp as deel van die keuringsproses wat op 1 November aanvang neem.

**b) Verloskundige en Neonatologiese Verpleegkunde
(Die kurrikulum word nie in 2014 aangebied nie.)**

'n Student wat in Verloskunde en Neonatologiese Verpleegkunde wil spesialiseer moet beskik oor 'n vierjarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde met Verloskunde as hoofvak of 'n driejarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde en 'n Diploma in Verloskundige Verpleegkunde.

G.1.17.5.3 Kurrikulum G834P: Psigiatryse Verpleegkunde

G.1.17.5.3.1 Kurrikulumuitkomst

Die student kan aansoek doen om as 'n Verpleegspesialis in Psigiatryse Verpleegkunde by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging geregistreer te word. Hy/sy behoort in staat te wees om:

- a) Navorsing te doen;
- b) die bevordering, handhawing en herstel van geestesgesondheid te fasiliteer;
- c) kritiese-analitiese, probleemoplossende denkvaardighede te demonstreeer sowel as om etiese beginsels in die verpleegpraktyk toe te pas;
- d) professionele en persoonlike waardes en norme in die eties-wetlike praktisering van psigiatryse verpleegkunde te integreer;
- e) geestesgesondheidsinligting in te samel, te analiseer, organiseer en krities te evalueer;
- f) bewustheid te toon ten opsigte van die belang van effektiewe leerstrategieë, verantwoordelike burgerskap, kultuursensitiwiteit, onderrig, beroepsgeleenthede en ondernemingsvermoëns in psigiatryse verpleegkunde;
- g) hom/haarself en aktiwiteite effektief in geestesgesondheid te organiseer en bestuur;
- h) psigiatryse gesondheidsorg as 'n spesialis navorsers, praktisyn, leier, terapeut, konsultant en begeleier te fasiliteer;
- i) intra- en interpersoonlike vaardighede, stres- en konflikthantering toe te pas ten einde sy/haar sowel as ander se strewe na heelheid te fasiliteer;
- j) as 'n onafhanklike praktisyn, leier en konsultant saam met ander dissiplines binne die gesondheidsorgsisteem en die gemeenskaps-gesondheidsdienste te werk ten einde geestesgesondheid te bevorder, handhaaf en herstel sowel as om 'n effektiewe lewenstyl te bevorder;
- k) gevorderde wetenskaplike beginsels rakende psigiatryse verpleegkunde toe te pas;
- l) as 'n gesondheidsdiensfasiliteerder vir die voorsiening van gehalte psigiatryse verpleegkunde op te tree;
- m) verwysingshulpbronne te benut, tot stand te bring of te mobiliseer deur middel van die ontwikkeling van netwerke;
- n) onderriggeleenthede te skep en/of te gebruik om geestesgesondheid te fasiliteer en te optimaliseer;

- o) betekenisvol by te dra tot die formulering van geestesgesondheidsbeleide in verpleegkunde;
- p) professionele uitmuntendheid en bevoegdheid te handhaaf deur middel van voortgesette leer; en
- q) wetenskap en tegnologie effektief en krities te gebruik, verantwoordelikheid te toon ten opsigte van die omgewing en die gesondheid van ander.

G.1.17.5.3.2 Samestelling van die kurrikulum : Psigiatryse Verpleegkunde

Kwalifikasie- en programkode: 833 100; Kurrikulumkode: G834P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VPEK874	Kliniese Psigiatryse verpleegkunde	32
VPEK875	Psigiatryse verpleegvaardighede en metodes	32
VPEK876	Psigiatryse verpleegpraktyk, leierskap en konsultasie	32
VPEP884	Psigiatryse verpleegkunde prakties	48
VPES873	Skripsie: Psigiatryse verpleegkunde	112
VPKN874	Navorsingsmetodologie	32
Krediet totaal vir die kurrikulum		288

G.1.17.5.4 Kurrikulum G835P: Verloskundige en Neonatologiese Verpleegkunde

Kennisgewing: Hierdie kurrikulum word nie in 2014 aangebied nie.

G.1.17.5.4.1 Kurrikulumuitkomst

Die gekwalifiseerde student kan as 'n gevorderde Verpleegkundige in Verloskundige en Neonatologiese Verpleegkunde by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging registreer. Na voltooiing van die kurrikulum behoort hy/sy in staat te wees om:

- a) die bevordering, handhawing en herstel van die gesondheid van die moeder en kind te fasiliteer;
- b) kritiese-analitiese, probleemoplossende denkvaardighede te demonstreer sowel as om etiese beginsels toe te pas tydens die praktisering van Verloskundige en neonatologiese verpleegkunde;
- c) professionele en persoonlike waardes en norme in die eties-wetlike praktisering van Verloskundige en neonatologiese verpleegkunde te integreer;
- d) gesondheidsinligting ten opsigte van die moeder en kind in te samel, te analiseer, organiseer en krities te evalueer;
- e) bewustheid te toon ten opsigte van die belang van effektiewe leerstrategieë, verantwoordelike burgerskap, kultuursensitiwiteit, onderrig, beroepsgeleenthede en ondernemingsvermoëns in Verloskundige en neonatologiese verpleegkunde;
- f) hom/haarself en aktiwiteite effektief in moeder- en kindsorg te organiseer en bestuur;

- g) verloskundige en neonatologiese gesondheidsorg as 'n spesialis praktisyn, leier, navorser en konsultant te fasiliteer;
- h) intra- en interpersoonlike vaardighede, stres- en konflikthantering toe te pas ten einde sy/haar sowel as ander se strewende na heelheid te fasiliteer;
- i) as 'n onafhanklike praktisyn, leier en konsultant saam te werk met ander dissiplines binne die gesondheidsorgsisteem en die gemeenskaps-gesondheidsdienste vir die bevordering, handhaaf en herstel van moeder- en kindgesondheid;
- j) as 'n gesondheidsorgfasiliteerder vir die voorsiening van gehalte verloskundige en neonatologiese verpleging op te tree;
- k) onderriggeleenthede te skep en/of te gebruik om die gesondheid van die moeder en kind te fasiliteer en te optimaliseer;
- l) standarde vir kwaliteitsversekering te ontwikkel en te implementeer;
- m) verwysingshulpbronne te benut, tot stand te bring of te mobiliseer deur middel van die ontwikkeling van netwerke;
- n) persoonlike en professionele ontwikkeling te fasiliteer;
- o) betekenisvol by te dra tot die formulering van beleide ten opsigte van die moeder en kind asook die ontwikkeling van verloskundige en neonatologiese verpleegkunde;
- p) professionele uitmuntendheid en bevoegdheid te handhaaf deur middel van voortgesette leer; en
- q) wetenskap en tegnologie effektief en krities te gebruik, verantwoordelikheid te toon ten opsigte van die omgewing en die gesondheid van ander.

G.1.17.5.4.2 Samestelling van kurrikulum : Verloskundige en Neonatologiese Verpleegkunde

Kwalifikasie- en programkode: 833 100; Kurrikulumkode: G835P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VPKN874	Navorsingsmetodologie	32
VPVK874	Die spesialis verloskundige as praktisyn, leier en konsultant	16
VPVK875	Die spesialis verloskundige as klinikus in ante-, intra- en postpartum konteks	32
VPVK876	Die spesialis verloskundige as klinikus in die neonatale konteks	16
VPVP884	Verloskunde en Neonatologiese Verpleegkunde: Prakties	48
VPVS873	Skripsie: Verloskunde en Neonatologiese verpleegkunde	112
Krediet totaal vir die kurrikulum		256

1 'n Ekwivalente kwalifikasie kan die volgende insluit:

- a) 'n Vierjarige Diploma in Verpleegkunde, wat lei tot registrasie as verpleegkundige (Algemene, Gemeenskaps- en Psigiatrisie) en vroedvrou **en** 'n nabasiese diploma, bv. in Gesondheidswetenskaponderwys of Gesondheidsdiensbestuur.

² Indien die student nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie, of indien daar onsekerheid tov sy/haar kwalifikasie bestaan, moet hy/sy die volgende prosedure volg ten einde aansoek te doen om toelating:

- b) Daar kan van die student verwag word om sy/haar kwalifikasies aan evaluering deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO) te onderwerp;

Indien SAKO bevind dat die student se kwalifikasies gelykstaande aan 'n ekwivalente kwalifikasie (soos hierbo verduidelik) is, behou die skool die reg om die student te adviseer om eers 'n Baccalareusgraad of Magistergraad (wat ookal toepaslik is) te bekom, of om voorwaardelike keuring (onderhewig aan suksesvolle voltooiing van die module in Navorsingsmetodologie (VPMN874) en die suksesvolle afhandeling van die navorsingsvoorstel) toe te staan.

G.1.18 REËLS VIR DIE GRAAD PHILOSOPHIAE DOCTOR

G.1.18.1 Duur (minimum en maksimum duur)

Die **minimum duur** van die studie is **twee jaar** en die **maksimum duur** is **vier jaar**, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program.

Alhoewel 'n maksimum akademiese tydperk van vier jaar deur die Fakulteit vergun word sal dit verswarende finansiële verpligtinge vir die student inhou reeds na afloop van die derde studiejaar.

G.1.18.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

'n Meestersgraad of 'n ekwivalent daarvan soos goedgekeur deur die Senaat word vereis vir toelating tot 'n doktorsgraad.

G.1.18.3 Program: Menslike Bewegingskunde

Kwalifikasiekode: 805 109 (V + D) (Menslike Bewegingskunde)

Die kurrikulum wat in hierdie program saamgestel is, is akademies van aard. Die program bied 'n geleentheid tot die ontwikkeling van gespesialiseerde en gevorderde kennis, toegepaste vaardighede, houdings en waardes as navorsers in Menslike Bewegingskunde.

Sluitingsdatum vir aansoeke is 11 September. Na hierdie datum word aansoeke op meriete gekeur.

G.1.18.3.1 Toelatings- en keuringsvereistes van die program

- a) 'n Meestersgraad of 'n ekwivalent daarvan soos goedgekeur deur die Senaat.
- b) Toelating is onderhewig aan goedkeuring deur die skool- en navorsingsdirekteur.
- c) Keuring deur in interne keuringspaneel vind plaas gedurende Oktober tot November.

G.1.18.3.2 Addisionele vereistes en fakulteitspesifieke reëls

Die student moet by voltooiing van die meestersgraad minstens 60% gemiddeld behaal het.

G.1.18.3.3 Kurrikulum G925P: Menslike Bewegingskunde

G.1.18.3.3.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die student:

- 'n omvattende en sistematiese greep het op die kennisveld van Menslike Bewegingskunde en in staat te wees om aan die hand van die mees gevorderde navorsingsmetodes, tegnieke en tegnologieë in die veld van Menslike Bewegingskunde komplekse en praktiese probleme te identifiseer, na te vors deur die versameling van data en toepaslike inligting, dit te analiseer en te evalueer en in gevorderde en wetenskaplike debatte op die voorpunt van 'n area van spesialisering betrokke te raak;
- die vermoë te openbaar om substansiële, onafhaklike navorsing en gevorderde wetenskaplikheid te onderneem wat sal lei tot die (re)interpretasie en uitbreiding van kennis wat deur eweknieë as publiseerbaar geag word en hierdie navorsingsresultate en eie opinie effektief aan spesialis en nie-spesialis gehore aan te bied en te kommunikeer;
- 'n proefskrif/tesis te kan lewer wat voldoen aan internasionale standaarde vir wetenskaplike geskrifte.

G.1.18.3.3.2 Samestelling van kurrikulum : Menslike Bewegingskunde

Kwalifikasie- en programkode: 805 109; Kurrikulumkode: G925P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MBWK971	Proefskrif: Menslike Bewegingskunde	360
Krediet totaal vir die kurrikulum		360

G.1.18.4 Program: Rekreasiekunde

Kwalifikasiekode: 805 111 (V + D) (Rekreasiekunde)

Die kurrikulum wat in hierdie program saamgestel is, is akademies van aard. Die kurrikulum bied 'n geleentheid tot die ontwikkeling van gespesialiseerde en gevorderde kennis, toegepaste vaardighede, houdings en waardes as navorsers in Rekreasiekunde.

Sluitingsdatum vir aansoeke is 11 September. Na hierdie datum word aansoeke op meriete gekeur.

G.1.18.4.1 Toelatings- en keuringsvereistes van die program

- 'n Meestersgraad of 'n ekwivalent daarvan soos goedgekeur deur die Senaat.
- Toelating is onderhewig aan goedkeuring deur die skool- en navorsingsdirekteur.

- c) Keuring deur in interne keuringspaneel vind plaas gedurende Oktober tot November.

G.1.18.4.2 Addisionele vereistes en fakulteitspesifieke reëls

Die student moet by voltooiing van die meestersgraad minstens 60% gemiddeld behaal het.

G.1.18.4.3 Kurrikulum G935P: Rekreasiekunde

G.1.18.4.3.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die student:

- 'n omvattende en sistematiese greep het op die kennisveld van Rekreasiekunde en in staat te wees om aan die hand van die mees gevorderde navorsingsmetodes, tegnieke en tegnologieë in die veld van Rekreasiekunde komplekse en praktiese probleme te identifiseer, na te vors deur die versameling van data en toepaslike inligting, dit te analiseer en te evalueer en in gevorderde en wetenskaplike debatte op die voorpunt van 'n area van spesialisering betrokke te raak;
- die vermoë te openbaar om substansiële, onafhaklike navorsing en gevorderde wetenskaplikheid te onderneem wat sal lei tot die (re)interpretasie en uitbreiding van kennis wat deur eweknieë as publiseerbaar geag word en hierdie navorsingsresultate en eie opinie effektief aan spesialis en nie-spesialis gehore aan te bied en te kommunikeer;
- 'n proefskrif/tesis te kan lewer wat voldoen aan internasionale standaarde vir wetenskaplike geskrifte.

G.1.18.4.3.2 Samestelling van kurrikulum : Rekreasiekunde

Kwalifikasie- en programkode: 805 111; Kurrikulumkode: G935P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
RKKX971	Proefskrif: Rekreasiekunde	360
Krediet totaal vir die kurrikulum		360

G.1.18.5 Program: Farmaseutiese Chemie

Kwalifikasiekode: 805 116 (V + D) (Farmaseutiese Chemie)

- Die doktorsgraad is 'n navorsingsgebaseerde graad en bestaan uit 'n studie (navorsingsprojek) en 'n proefskrif in Farmaseutiese Chemie.
- Die kurrikulum word op 'n voltydse en deelydse basis in Afrikaans en Engels aangebied.
- Die algemene sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober. Aansoeke wat na hierdie datum ontvang word, sal op meriete gekeur word.

G.1.18.5.1 Toelatings- en keuringsvereistes van die program

- a) 'n Meestersgraad of ekwivalente kwalifikasie soos deur die Senaat goedgekeur in die bepaalde spesialisveld.
- b) Keuring behels die indien van 'n formele aansoek en curriculum vitae deur die applikant asook 'n formele onderhoud deur die direkteur van die Sentrum van Uitnemendheid vir Farmaseutiese Wetenskappe en 'n keurkomitee. Die onderhoud fokus op die belangstelling en motivering van die voornemende student.
- c) Toelating tot die program/kurrikulum kan geweier word indien die standaard van bewaamheid wat die student tevore in die betrokke vak(ke) bereik het en waarin die student verder wil studeer, nie aan die betrokke program-/kurrikulumvereistes voldoen nie.

G.1.18.5.2 Addisionele vereistes en fakulteitspesifieke reëls

In die geval waar 'n student toegelaat word om 'n proefskrif in die vorm van navorsingsartikels aan te bied, geld die bepalings van die Algemene reëls. (A reël 5.4.2.7).

G.1.18.5.3 Kurrikulum G910P: Farmaseutiese Chemie

Die doel van die hierdie kurrikulum is tweeledig, naamlik:

- 1) eerstens om die student wat reeds die vlak van 'n meestersgraad in die farmaseutiese wetenskappe en praktyk bereik het, om deur 'n doktrale proefskrif te toon dat hy/sy 'n betekenisvolle bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van (1) nuwe wetenskaplike kennis en/of (2) nuwe vaardighede in 'n bepaalde navorsingsveld en sodoende 'n waardetoevoeging gemaak het tot die gemeenskap in die velde van kennis en vaardighede in sy/haar betrokke veld; en
- 2) tweedens om Suid-Afrika te voorsien van gevorderde farmaseutiese wetenskaplikes en praktiserende mensekapitaal met gevorderde teoretiese en praktiese kennis in verskillende farmaseuties-wetenskaplike en praktyk dissiplines. Deur hierdie kwalifikasie dra die student by tot verbreding van die leierskapsbasis vir innoverende en kennis-gebaseerde ekonomiese en skolasiese aktiwiteite in die land.

G.1.18.5.3.1 Kurrikulumuitkomste

- a) Bo en behalwe die uitkomste en kriteria soos beskryf deur die B Pharm-, Hons BSc-, MSc- en MPharm grade sal die student bevoeg wees om: (1) op 'n hoogs gespesialiseerde vlak as apteker te praktiseer, (2) homself/haarself as 'n leier in die veld te onderskei, (3) navorsingsmetodologie toe te pas op dié vlak en in die betrokke veld.
- b) Verder sal die student in staat wees om: (1) gevorderde funksies van 'n apteker uit te voer, (2) as 'n leier op te tree in die profesie en funksies van die profesie, (3) navorsingsmetodologie toe te pas, (4) probleme te kan oplos, (5) as 'n onafhanklike navorser op te tree, (6) navorsingsprogramme te kan lei, (7) as 'n leier/medeleier te kan optree vir studente tot op die PhD vlak, (8) navorsingsfondse te kan bekom en (9) navorsingsresultate bekend te kan stel deur seminare en voordragte.

G.1.18.5.3.2 Samestelling van kurrikulum : Farmaseutiese Chemie

Kwalifikasie- en programkode: 805 116; Kurrikulumkode: G910P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FCHG971	Proefskrif: Farmaseutiese Chemie	360
Krediet totaal vir die kurrikulum		360

G.1.18.6 Program: Farmaseutika

Kwalifikasiekode: 805 117 (V + D) (Farmaseutika)

- Die doktorsgraad is 'n navorsingsgebaseerde graad en bestaan uit 'n studie (navorsingsprojek) en 'n proefskrif in Farmaseutika.
- Die kurrikulum word op 'n voltydse en deeltydse basis in Afrikaans en Engels aangebied.
- Die algemene sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober. Aansoeke wat na hierdie datum ontvang word, sal op meriete gekeur word.

G.1.18.6.1 Toelatings- en keuringsvereistes van die program

- 'n Meestersgraad of ekwivalente kwalifikasie soos deur die Senaat goedgekeur in die bepaalde spesialisveld.
- Keuring behels die indien van 'n formele aansoek en curriculum vitae deur die applikant asook 'n formele onderhoud deur die direkteur van die Sentrum van Uitmendheid vir Farmaseutiese Wetenskappe en 'n keurkomitee. Die onderhoud fokus op die belangstelling en motivering van die voornemende student.
- Toelating tot die program/kurrikulum kan geweier word indien die standaard van bewaamheid wat die student tevore in die betrokke vak(ke) bereik het en waarin die student verder wil studeer, nie aan die betrokke program-/kurrikulumvereistes voldoen nie.

G.1.18.6.2 Addisionele vereistes en fakulteitspesifieke reëls

In die geval waar 'n student toegelaat word om 'n proefskrif in die vorm van navorsingsartikels aan te bied, geld die bepalings van die Algemene reëls. (A reël 5.4.2.7).

G.1.18.6.3 Kurrikulum G911P: Farmaseutika

Die doel van die hierdie kurrikulum is tweeledig, naamlik:

- eerstens om die student wat reeds die vlak van 'n meestersgraad in die farmaseutiese wetenskappe en praktyk bereik het, om deur 'n doktorsale proefskrif te toon dat hy/sy 'n betekenisvolle bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van (1) nuwe wetenskaplike kennis en/of (2) nuwe vaardighede in 'n bepaalde navorsingsveld en sodoende 'n waardetoevoeging gemaak het tot die gemeenskap in die velde van kennis en vaardighede in sy/haar betrokke veld; en
- tweedens om Suid-Afrika te voorsien van gevorderde farmaseutiese wetenskaplikes en praktiserende mensekapitaal met gevorderde

teoretiese en praktiese kennis in verskillende farmaseuties-wetenskaplike en praktyk dissiplines. Deur hierdie kwalifikasie dra die student by tot verbreding van die leierskapsbasis vir innoverende en kennis-gebaseerde ekonomiese en skolastiese aktiwiteite in die land.

G.1.18.6.3.1 Kurrikulumuitkomste

- a) Bo en behalwe die uitkomste en kriteria soos beskryf deur die B Pharm-, Hons BSc-, MSc- en MPharm grade sal die student bevoeg wees om: (1) op 'n hoogs gespesialiseerde vlak as apteker te praktiseer, (2) homself/haarself as 'n leier in die veld te onderskei, (3) navorsingsmetodologie toe te pas op dié vlak en in die betrokke veld.
- b) Verder sal die student in staat wees om: (1) gevorderde funksies van 'n apteker uit te voer, (2) as 'n leier op te tree in die profesie en funksies van die profesie, (3) navorsingsmetodologie toe te pas, (4) probleme te kan oplos, (5) as 'n onafhanklike navorser op te tree, (6) navorsingsprogramme te kan lei, (7) as 'n leier/medeleier te kan optree vir studente tot op die PhD vlak, (8) navorsingsfondse te kan bekom en (9) navorsingsresultate bekend te kan stel deur seminare en voordragte.

G.1.18.6.3.2 Samestelling van kurrikulum : Farmaseutika

Kwalifikasie- en programkode: 805 117; Kurrikulumkode: G911P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FMSG971	Proefskrif: Farmaseutika	360
Kredietotaal vir die kurrikulum		360

G.1.18.7 Program: Farmakologie

Kwalifikasiekode: 805 118 (V + D) (Farmakologie)

- a) Die doktorsgraad is 'n navorsingsgebaseerde graad en bestaan uit 'n studie (navorsingsprojek) en 'n proefskrif in Farmakologie.
- b) Die kurrikulum word op 'n voltydse en deelydse basis in Afrikaans en Engels aangebied.
- c) Die algemene sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober. Aansoeke wat na hierdie datum ontvang word, sal op meriete gekeur word.

G.1.18.7.1 Toelatings- en keuringsvereistes van die program

- a) 'n Meestersgraad of ekwivalente kwalifiikasie soos deur die Senaat goedgekeur in die bepaalde spesialisveld.
- b) Keuring behels die indien van 'n formele aansoek en curriculum vitae deur die applikant asook 'n formele onderhoud deur die direkteur van die Sentrum van Uitmendheid vir Farmaseutiese Wetenskappe en 'n keurkomitee. Die onderhoud fokus op die belangstelling en motivering van die voornemende student.
- c) Toelating tot die program/kurrikulum kan geweier word indien die standaard van bewaamheid wat die student tevore in die betrokke vak(ke)

bereik het en waarin die student verder wil studeer, nie aan die betrokke program-/kurrikulumvereistes voldoen nie.

G.1.18.7.2 Addisionele vereistes en fakulteitspesifieke reëls

In die geval waar 'n student toegelaat word om 'n proefskrif in die vorm van navorsingsartikels aan te bied, geld die bepalings van die Algemene reëls. (A reël 5.4.2.7).

G.1.18.7.3 Kurrikulum G912P: Farmakologie

Die doel van die hierdie kurrikulum is tweeledig, naamlik:

- 1) eerstens om die student wat reeds die vlak van 'n meestersgraad in die farmaseutiese wetenskappe en praktyk bereik het, om deur 'n doktorsale proefskrif te toon dat hy/sy 'n betekenisvolle bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van (1) nuwe wetenskaplike kennis en/of (2) nuwe vaardighede in 'n bepaalde navorsingsveld en sodoende 'n waardetoevoeging gemaak het tot die gemeenskap in die velde van kennis en vaardighede in sy/haar betrokke veld; en
- 2) tweedens om Suid-Afrika te voorsien van gevorderde farmaseutiese wetenskaplikes en praktiserende mensekapitaal met gevorderde teoretiese en praktiese kennis in verskillende farmaseutiese-wetenskaplike en praktyk dissiplines. Deur hierdie kwalifikasie dra die student by tot verbreding van die leierskapsbasis vir innoverende en kennis-gebaseerde ekonomiese en skolastiese aktiwiteite in die land.

G.1.18.7.3.1 Kurrikulumuitkomst

- a) Bo en behalwe die uitkomst en kriteria soos beskryf deur die B Pharm-, Hons BSc-, MSc- en MPharm grade sal die student bevoeg wees om: (1) op 'n hoogs gespesialiseerde vlak as apteker te praktiseer, (2) homself/haarself as 'n leier in die veld te onderskei, (3) navorsingsmetodologie toe te pas op dié vlak en in die betrokke veld.
- b) Verder sal die student in staat wees om: (1) gevorderde funksies van 'n apteker uit te voer, (2) as 'n leier op te tree in die professie en funksies van die professie, (3) navorsingsmetodologie toe te pas, (4) probleme te kan oplos, (5) as 'n onafhanklike navorser op te tree, (6) navorsingsprogramme te kan lei, (7) as 'n leier/medeleier te kan optree vir studente tot op die PhD vlak, (8) navorsingsfondse te kan bekom en (9) navorsingsresultate bekend te kan stel deur seminare en voordragte.

G.1.18.7.3.2 Samestelling van kurrikulum : Farmakologie

Kwalifikasie- en programkode: 805 118; Kurrikulumkode: G912P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FKLG971	Proefskrif: Farmakologie	360
Krediet totaal vir die kurrikulum		360

G.1.18.8 Program: Farmasiepraktyk

Kwalifikasiekode: 805 119 (V + D) (Farmasiepraktyk)

- a) Die doktorsgraad is 'n navorsingsgebaseerde graad en bestaan uit 'n studie (navorsingsprojek) en 'n proefskrif in Farmasiepraktyk.
- b) Die kurrikulum word op 'n voltydse en deelydse basis in Afrikaans en Engels aangebied.
- c) Die algemene sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober. Aansoeke wat na hierdie datum ontvang word, sal op meriete gekeur word.

G.1.18.8.1 Toelatings- en keuringsvereistes van die program

- a) 'n M Pharm of ekwivalente kwalifikasie word vereis.
- b) Toelating geskied op grond van keuring deur die leier van navorsingsnisarea en die skooldirekteur waartydens die kandidaat aan 'n onderhoud onderwerp sal word.

G.1.18.8.2 Addisionele vereistes en fakulteitspesifieke reëls

- a) Dit word aanbeveel dat 'n voornemende student minstens 60% moet behaal vir 'n toepaslike meestersgraadprojek.
- b) Praktykondervinding en vorige leer word in ag geneem.
- c) Toelating tot 'n program/kurrikulum kan geweier word indien die standaard van bewaamheid wat die student tevore in die betrokke vak(ke) bereik het en waarin die student verder wil studeer, nie aan die betrokke program-/kurrikulumvereistes voldoen nie.
- d) In die geval waar 'n student toegelaat word om 'n proefskrif in die vorm van navorsingsartikels aan te bied, geld die bepalinge van die Algemene reëls. (A reël 5.4.2.7).

G.1.18.8.3 Kurrikulum G913P: Farmasiepraktyk

Die doel van die hierdie kurrikulum is tweeledig, naamlik:

- 1) eerstens om die student wat reeds die vlak van 'n meestersgraad in die farmaseutiese wetenskappe en praktyk bereik het, om deur 'n doktorsale proefskrif te toon dat hy/sy 'n betekenisvolle bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van (1) nuwe wetenskaplike kennis en/of (2) nuwe vaardighede in 'n bepaalde navorsingsveld en sodoende 'n waardetoevoeging gemaak het tot die gemeenskap in die velde van kennis en vaardighede in sy/haar betrokke veld; en
- 2) tweedens om Suid-Afrika te voorsien van gevorderde farmaseutiese wetenskaplikes en praktiserende mensekapitaal met gevorderde teoretiese en praktiese kennis in verskillende farmaseutiese-wetenskaplike en praktyk dissiplines. Deur hierdie kwalifikasie dra die student by tot verbreding van die leierskapsbasis vir

innoverende en kennis-gebaseerde ekonomiese en skolasiese aktiwiteite in die land.

G.1.18.8.3.1 Kurrikulumuitkomste

- a) Bo en behalwe die uitkomste en kriteria soos beskryf deur die BPharm-, Hons BSc-, MSc- en MPharm grade sal die student bevoeg wees om: (1) op 'n hoogs gespesialiseerde vlak as apteker te praktiseer, (2) homself/haarself as 'n leier in die veld te onderskei, (3) navorsings-metodologie toe te pas op dié vlak en in die betrokke veld.
- b) Verder sal die student in staat wees om: (1) gevorderde funksies van 'n apteker uit te voer, (2) as 'n leier op te tree in die profesie en funksies van die profesie, (3) navorsingsmetodologie toe te pas, (4) probleme te kan oplos, (5) as 'n onafhanklike navorsers op te tree, (6) navorsings-programme te kan lei, (7) as 'n leier/medeleier te kan optree vir studente tot op die PhD vlak, (8) navorsingsfondse te kan bekom, en (9) navorsingsresultate bekend te kan stel deur seminare en voordragte.

G.1.18.8.4 Samestelling van kurrikulum : Farmasiepraktyk

Kwalifikasie- en programkode: 805 119; Kurrikulumkode: G913P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FPKG971	Proefskrif: Farmasiepraktyk	360
Krediet totaal vir die kurrikulum		360

G.1.18.9 Program: Beroepshigiëne

Kwalifikasiekode: 805 104 (V + D)

